ISSN 0258-0152

# SWART OP WIT

jg 3/4 vere et iucunde Julie 1987

## DIE AGK — TEN SLOTTE

Dis dan hoe dit geëindig het. Genoeg lidmate van die NG Sendingkerk om sewe gemeentes te stig, het in die stilte (want dis mos nie nuus nie) meer verstand aan die dag gelê as tien sinodes Soos dr. Lubbe-hulle nie prof. Heyns se politieke leiding langer kon verduur nie, kon hulle nie dr. Boesak s'n nie.

Ek is hartseer. Al wat my troos is die humor. Ek is hartseer oor die skeurings en oor ál die politiekery in die kerk. Calvyn het gesê die kerk is skildwag vir die ewigheid. Die kerk is nié, nóóit nie, 'n dienstige politieke instrument of handlanger nie.

En ek is ook hartseer omdat die logiese naam vir die oop NG Kerk waarby ek begin sweer het, seker nou verseker van die baan is.

Of sou dié kerk, as die sin van ds. Denkers-hulle se voorbeeld deurdring, dalk verband met die geregistreerde AGK kan soek? Hulle onderskryf tog dieselfde belydenisse as ons — anders as die NGSK?

Miskien moet ek my maar troos met die vooruitsig dat as ek nog leef as ek aftree, ek dalk ds. Denkers-hulle bietjie kan gaan help.

**Skeurders moet maar weer soek**

# AGK is bruin — trots Afrikaans en nog oop ook!

Beeld 30.6.87

**Deur INA VAN DER LINDE**

DIE Afrikaanse Gereformeerde Kerk bestaan al drie jaar in Wes-Kaapland. Dit is 'n geregistreerde kerk met hoofsaaklik bruin en swart lidmate, maar die kerk is oop vir almal, het ds. M.H. Behardien gister gesê.

Dit beteken dat die eksklusiewe blanke skeurkerk van prof. Willie Lubbe, wat hulself ook die Afrikaanse Gereformeerde Kerk noem, volgens wet 'n ander naam sal moet soek.

Ontsteltenis dat die nuwe kerkstigters in die naweek húl naam oorgeneem het, is gister deur predikante van die werklike Afrikaanse Gereformeerde Kerk uitgespreek. Hulle is bekommerd oor die verwarring wat kan ontstaan en "die stigma" wat aan hulle kan begin kleef op grond van die wye publisiteit wat die kerkstigting geniet het.

Die werklike Afrikaanse Gereformeerde Kerk, met ds. D.J. Denkers as moderator, het drie jaar gelede afgestig van die NG Sendingkerk en bestaan uit sewe gemeentes. Dit is 'n konserwatiewe kerk wat ontstaan het omdat die lidmate die NGSK as te politiek beskou het.

Hulle praat Afrikaans in die kerk en is trots daarop, is gister aan Beeld gesê.

Ds. Behardien is deur die moderator versoek om met prof. Lubbe oor die saak in verbinding te tree en die moderatuur sal later vandeesweek 'n verklaring oor die saak uitreik.

● Prof. Lubbe het gister formeel uit die NG Kerk bedank voordat 'n ringskommissie teen hom kon optree.

● Daar gaan na verwagting vier gemeentes van die AGK in Natal gestig word, naamlik in Durban, Hluhluwe, Vryheid en Margate.

**Al die vorige (13) uitgawes van Swart op Wit is nog op aanvraag beskikbaar. 'n Volle stel kos R40, die huidige een uitgesluit.**

# GAWES EN SONDE

Ek lees Calvyn al van ek op skool is. In my skooltyd het die verkorte Institusie in Afrikaans verskyn en ek het dit gelees, en gedink dat ek nogal heelwat verstaan.

Etlike jare later het ons Schippers se mooi boekie oor Calvyn behandel en dáárin, meen ek, het ek gelees dat Calvyn in sy testament sê dat die gawes wat God hom gegee het, hom net skuldiger maak; dat hy daarom, met sy dood voor oë, net één hoop het, en dit is dat God, die Vader van alle barmhartigheid, ook aan hóm, Jean Cauvin, genade en barmhartigheid sal bewys.

Eers toe ek dit onlangs begin verstaan, het ek besef dat ek dit vroeër nie verstaan het nie. Dat die gawes wat God aan 'n mens gee, hom alleen maar skuldiger maak.

Vroeër het ek vaagweg gedink méér talente maak 'n mens skuldiger omdat jy meer het om te presteer. Maar toe dit tot my deurdring dat God in elk geval nie prestasie van ons te wagte is nie, het die gedagte by my opgekom dat méér talente en gawes méér sonde doen.

Kyk, my kind met 'n IK van 55 het ook sonde. Hy suig soms sy onderlip, hy het pas begin rook en sy gewete het nie 'n geheue nie, maar kinders met 'n IK van 130 het ongetwyfeld méér sonde. Hulle is slinkser omdat hulle slimmer is. Hulle sondig soveel meer geraffineerd. Hoe meer genuanseerd hulle dink en doen, hoe vrugbaarder is die teelaarde vir die bose om te plak en te floreer.

Miskien het Van Wyk Louw ook hieraan gedink toe hy geskryf het:

*Laat my tog niks van die eenvoudiges verskil*
*gee my 'n dowwe woordeloosheid, 'n rus*
*gee my die stilte van u effe dae*
*'n kleiner taak, 'n enger smart en lus*
*gee selfs my bid iets van die lomp en trae*
*bid van die geringstes in u huis...*

Calvyn het gesê al wat oorbly is die genade van God. Vir die eenvoudiges van hart en verstand, én vir die begaafdes. Die genade van God stel nie eise nie. Dit is allesdekkend en onvoorwaardelik. Dáárom is dit genade. Soms gaan dit my verstand te bowe. Soms is dit so eenvoudig soos vir 'n kind.

As ek op die grens van my verstaan kom, by die diepste bodem van my motiewe, sien ek steeds die skadu wat die sonde gooi – as ek God probeer mislei. Hoe groter die vaardigheid, hoe swarter die skadu. Ek kan nie slimmer as die sonde word nie. Maar een ding weet ek selfs woordeloos: die genade is dán ook nog sterker as die sonde.


**SWART OP WIT**

Redakteur: Manie Malan
Mederedakteur: Elmer Erlank
Administrasie: Annatjie Malan

ADRESSE
Bydraes: Die Redakteur, posbus 15185, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105
Administrasie: Claritas, posbus 15621, Lynn East 0039
Tel.: (012) 821105

OUTEURSKAP
Alle artikels waarby die outeur nie vermeld word nie, is van die redakteur.

KOSTE
Intekengelde beloop R20 per keer en is vooruitbetaalbaar. Een uitgawe van 20 bladsye kos ongeveer R3.

FREKWENSIE
SOW verskyn telkens as hy gereed is, maar nie meer dikwels as een keer per maand nie.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/4 JULIE 1987

**BYBELSTUDIE OU TESTAMENT**
**Studiegedeelte: Hoogl. 4:8 – 5:1**

*Die 12de aflewering in ons reeks oor Hooglied – gebaseer op die (onbewese) teorie dat Salomo se bruid die beeldskone Abisag van 1 Kon. 1 is. Vorige aflewerings uiteraard nog beskikbaar.*

*4:12: "My beminde bruid is 'n tuin wat toegemaak is, 'n tuin met 'n muur om, 'n fontein wat afgekamp is."*

# DIE OMHEINDE TUIN

Dit is 'n eienskap van goeie kuns dat dit onvoorspelbaar is; verrassend. Wat het nou meer voor die hand gelê as 'n lang relaas van die wittebrood (ons hoofstuk 11), maar die kunstenaar handel die hele eerste huweliksweek of twee af sonder om één woord daaroor te skrywe. Jy lees dit tussen die reëls – tussen verse 7 en 8. Die trefkrag lê in die nie-sê. Soos John Steinbeck se "Winter of our discontent", wat 'n meesterstuk is omdat dit in 'n tyd van seks en geweld geskryf is sonder sekes en geweld.

Op pad terug van koning Dawid se jaghuis in die noorde, neem Salomo en Abisag afskeid van die Libanonberge en sy sneeubedekte pieke Amana, Senir, Hermon, en van die atmosfeer van leeus en luiperds. (v. 8) Terug na die werk, en die werklikheid, en die 999 ander vrouens wat voorlê...

Maar nou, op pad terug, word daar tog iets vertel van die wittebrood. Miskien alles. "Jy het my hart gesteel, my beminde bruid..." (9)

Baie interessant is die feit dat die Hebreeuse uitdrukking, wat ons met die mooi idioom "hart steel" vertaal, meer as een betekenis kan hê. Dit kan beteken: Jy het my hart dapper gemaak, en dit kan beteken: Jy het my van my verstand af. Letterlik staan daar dat ek in my hart gewond, van my hart beroof is.

Maar die Afrikaans gee die bedoeling pragtig weer: Jy het my weerloos gemaak met jou liefde. Jy het my van my sinne beroof. En toe het jy my 'n liefdesheld gemaak. 'n Soldaat wat die kosbaarste verower wat daar is.

Nugter gesien, is dit natuurlik onsin. Net so onlogies soos Christus wat sê dat elkeen wat homself wil red, sal verloor, maar dat elkeen wat homself gee, en prysgee, die wêreld sal verower. Die onsin wat Hy toe aan die kruis gedemonstreer het; die vermorsing van brood deur dit op die water te gooi, of om koringkorrels te laat sterf. Die hart van die koninkryk klop dus tog maar op die polsslag van die liefde.

* * *

Let verder daarop dat Salomo die fynheid van gees aan die dag lê om oor sy eerste huweliksnag in sy gedig te skrywe uit die oogpunt van vóór dit gebeur het. Daar is geen sieklike ekshibisionisme van "hoe alles toe was" nie. Daarom noem hy haar steeds sy beminde bruid, nie sy vrou nie. Hy herinner hom elke tree van die wedloop. Toe al die kragte gespan is; toe 'n oorlog gevoer is oor die hart van die koning en die koningin. Toe die oorlog gewen is met net een kyk van haar duiwe-oë, één skakeltjie in haar halsketting. (9b) Die grootste oorloë word deur weerlose (kruis-)simbole gewen.

> *Die grootsheid van hierdie Bybelse gedig kom dáárin na vore dat daar nie oor die wittebrood self geskryf word nie. As Salomo daarvan vertel, maak hy, fynsinnig, asof Abisag nog 'n maagd is.*

Dat hy van haar liefkosing "hou" (10) klink bra plat. Dan liewer: "Jou liefkosings beswymel my!" Só was dit daar in die Dawidstoring. Jy was so naby my. So sonder enige reserwe, so honger met jou soeter-as-heuning lippe. Die reuk van jou hare was in my neus en jou parfuum, gemeng met die reuk van die veld, van die bosse van die Libanonberge. Berge - wat altyd na eeue ruik.

* * *

Dis so eg, hierdie vertel van alles wat hy geruik het. In die grootste oomblikke, ook die verskriklikste, ruik jy ongelooflik skerp; bloed, of die hemel of hel. Jou neus, wat so stomp geword het van al die rook en die petrol- en dieseldampe, gaan oop, en jy ruik met jou brein en jou hart.

Hy sê ook haar tong is soos heuning en dikmelk. (11) Die Ou Vertaling het net gepraat van melk. As dit maar so gebly het, was die moeite my gespaar om mense wat nie van yskoue dikmelk hou nie, te oorreed.

Kan jy nog onthou wat met jou gebeur het toe jy die eerste keer (op skool) gehoor het van 'n French kiss? Om nie eens te praat van die eerste keer toe dit gebeur het nie. Al die skuldgevoelens. En al die tyd staan dit in die Bybel.

Dat sy beminde 'n omheinde tuin is, kan net beteken dat sy 'n maagd is, vir hom alleen toeganklik. Geen moderne permissiwiteit kan die wonder daarvan uitwis nie. En al sou die maagdelikheid ook werklik 'n herinnering word, sal daar nog altyd en onkeerbaar 'n Nuwe Jerusalem uit die hemel kom, wat 'n maagd is, 'n maagd wat eers 'n slet was wat die Here Jesus vermoor het. (Open. 21) En daar sal nog altyd maagde gebore word.

* * *

Volgens deskundiges is al die blomme en plante wat in v. 13 — 15 genoem word, eksoties van aard. En in Duits is daar 'n ou uitdrukking, "Bluomen brechen", wat beteken om liefde te geniet. Ek laat my graag leer, al is blomme self verlore op my.

> *Al die permissiwiteit van die wêreld sal nie kan voorkom dat die Nuwe Jerusalem as 'n maagd uit die hemel neerdaal nie; ook nie dat maagde nog steeds gebore word nie.*

Salomo lees sy liefling se liggaam in blommetaal, en weet ook van die "fontein" van die lewe wat dié blomme met liefde bedou.

Vir een van die verklaarders wat hulle aan Hooglied gewaag het (Anema), is die tweegesprek in 4:16 tot 5:1 die hoogtepunt van Hooglied. Hy skryf: "Wanneer noordewind en suidewind, koelte en hitte, meng, dan begin die boorde te bloei en die soetste geure word gewek. Om hierdie voorbereiding by haar te laat gebeur, roep Abisag die winde wakker. Op so 'n deemoedige sagte kinderlike kuise manier gee sy haar aan die koninklike minnaar oor. Dan vier hy die weelde van sy besit. Met haar eie woorde neem hy haar in sy arms..."

Die uitroep, die uitnodiging aan en van Salomo aan die einde, verstaan ek, maar ek hoor daarin ook die dreigende einde van alles wat mooi is. As Salomo tog ook maar verstaan het wat Paulus in Efes. 5:18 geskryf het: Dat ons dronk moet word van die Heilige Gees.

**KRUIS EN MUNT**

# ONS BYDRAE

Wat goed is aan jou is van God; wat sleg is, van jouself. Ons bydrae is niks anders as die sonde nie. (Augustinus, Preke clxxvi.5-6; deur Calvyn aangehaal in Inst. 2,3,7)

Mense probeer om in ons wil en werk iets goed te vind wat ons eie bydrae is en nie God s'n nie. Ek weet nie hoe en waar dít gevind kan word nie. (Augustinus - by Calvyn Inst. 2,3,7)

# BEKERING EN GOEIE WERKE

God sê dat ons bekering (omkering) die skepping van 'n nuwe gees en 'n nuwe hart is. Watter ander feit kan duideliker vir Hom opeis en van ons wegneem elke sweem van wat goed en reg in ons wil is? Want dit beteken nooit iets anders nie as dat niks goeds in ons harte kan ontstaan totdat ons harte her-vorm is nie; en ná hierdie hartsverandering is dít wat goed is daarin, van God afkomstig, nie van ons nie. (Inst. 2,3,8)

# NEEM ONS DIE GENADE AAN?

God maak nie ons wil lewendig soos baie eeue lank geglo en geleer is nie — dat ons daarna oor die vermoë beskik om vry tussen goed en kwaad te kies — maar Hy stel dit tot sy eie beskikking. Daarom moet ons die bekende stelling van Krisostomus verwerp: "Wie Hy beweeg, beweeg gewillig." Hiermee bedoel Krisostomus dat die Here slegs sy hand na ons uitsteek en wag om te sien of ons sal besluit om van sy hulp gebruik te maak. Dit is waar dat die mens voor die sondeval in vryheid kon kies, kon aanneem en verwerp, maar wat hy toe daarmee gemaak het, het bewys hoe misrabel 'n vrye wil is behalwe as God dit oorneem. Wat sal met ons gebeur as God só min van sy genade aan ons gee? ... Die apostel leer nie dat die genade om die goeie te wil doen aan ons gegee word mits ons dit aanvaar nie, maar dat Hy in ons werk om te wil. (Inst. 2,3,10)

# VERBOND SONDER GENADE *

Ek het Paulus en Calvyn lief; miskien omdat albei so menslik kan wees. As Calvyn skrywe: "Die gedagte kom gedurig by my op dat daar 'n gevaar skuil in die feit dat ek God se genade so aanhoudend beklemtoon — die gevaar naamlik dat ek die genade van God 'n onreg kan aandoen omdat ek met my ywer die indruk kan wek dat daar dalk twyfel bestaan oor die genade, of dat God dit nie sélf duidelik genoeg openbaar nie." (Inst. III.14.6)

Die gevaar dat ek die genade eensydig kan beklemtoon. Goedkoop genade...

Maar dan doen ek dit maar weer — nes Calvyn en Paulus. Want sonder die eensydige genade van God het ek geen hoop en geen troos nie.

> ***Sonder die eensydige genade van God het ek geen hoop en geen troos nie.***

Wat die ***verbond*** betref, is ek soms verbaas dat ander mense meer sê en praat daaroor as wat ek dit sélf doen. Dit is absoluut onwaar dat ek een van die predikante is waarvan 'n invloedryke broeder geskryf het dat hulle nie tevrede is as die woord doop en ***verbond*** nie op elke bladsy van 'n boek voorkom nie. Trouens, ek vind dit dikwels moeilik om oor ***"die verbond"*** te praat. 'n Mens kan nie net oor ***"die verbond"*** praat nie. Dis nie iets wat op sy eie bene staan nie. Die ***verbond*** is 'n teken van die barmhartigheid van God wat die mense begenadig omdat Hy hulle jammer kry, omdat Hy hulle liefhet.

Dis 'n teken, 'n handtekening, 'n belofte, 'n relasie, 'n ooreenkoms, 'n kontrak, 'n ***eed*** wat God neem en gee om die arme mense nuwe moed te gee. Die ***verbond*** is God se genadewoord swart op wit, sodat mense nie dalk moet twyfel nie; nie moet omkyk met wie God praat nie. Daarom het die ***verbond*** ook meesal 'n teken — die handtekening op die geskrewe ooreenkoms, waarvan die bekendste die besnydenis en die doop is.

Ek kry soms die indruk dat ***"verbonds***teoloë of "—predikante" die ***verbond*** opvat as iets so apart. Daarom kan hulle ook nie die wederdopers oortuig nie. Die ***verbond*** is iets so half toevalligs. God het Abraham "per geval" raakgeloop en toe 'n eienaardige transaksie met hom aangegaan wat ons die ***"verbond"*** noem, en nou word die kinderdoop, net soos die besnydenis, op dié ***verbond*** gegrond. Sommer so half buite die kruis om. Die doop het in die plek van die besnydenis gekom. Punt.

Maar dan is daar ook***"verbonds***predikante" wat weet van 'n ***verbond*** wat nie 'n genade***verbond*** genoem kan word nie. Dis 'n ***verbond sonder genade*** — al word die woord genade ook in dié verband gebruik, selfs kwistig soos by Rome. Dit is diegene wat sê God sê Hy sal ons God wees, maar dan moet ons sy volk wees, en hulle dan haas om die ***"verbonds***eise" te stipuleer.

Dit kan tog nie 'n ***genade***-verbond wees nie. Dis 'n ***voorwaardelike*** verbond. 'n Ooreenkoms wat aan jou sekere voordele laat toekom ***mits*** jy sekere voorwaardes nakom. Dis voorwaardelike genade en dít is absurd. 'n ***Genadeverbond***, daarenteen, is onvoorwaardelik. 'n Belofte sonder teenprestasie. Dit kan sonder meer geglo word.

* * *

En daarvan is die Bybel vol. Dit ***is*** die Bybel, die evangelie.

As die eerste mense hoogverraad teen die koninkryk van God pleeg, en bewend van God af wegvlug, gaan God agter hulle aan en (maak hulle nie dood nie maar) troos hulle deur sy Seun aan hulle as 'n Verlosser en Saligmaker te belowe. (NGB art. 16) Hy ***verbind*** Hom daartoe, verklaar Hom ***verbonde.***

> ***'n Mens kan nie sommer so oor "die verbond" in isolasie praat nie. Dis nie iets wat op sy eie bene staan nie.***

As die gelowige Noag en sewe ander in die versuipte wêreld uitstap, kry God hulle so jammer dat Hy oor en oor sê Hy sal dit nie weer doen nie. Hy sal dit regtig nie weer doen nie. En, om hulle te help glo, gee Hy die reënboog as sy veelkleurige handtekening in die wolke. As hulle die boog sien, moet hulle ophou bang en ongelowig wees; dan moet hulle weet: God sal dit nié weer doen nie.

***Referaat by 'n konferensie op Benoni op 13.6.87**

En dan veral met Abraham, die vader van al die gelowiges. God belowe aan hom 'n erfgenaam, die Beloofde Land en die hemel en as Abraham aan die woorde van God twyfel, dit selfs uitlag, gee God hom die een teken na die ander. Die sterre wat hy nie kan tel nie, die amptelike *verbonds*luiting tussen die dooie diere deur, en dan die bekende reinigingsteken, die besnydenis, die amptelike teken van die *verbond*. En God sweer vir Abraham. Hebreërs lê hierdie *verbonds*eed aangrypend uit as hy sê God het niemand hoër as Hyself gehad om by te sweer nie – want Hy is die Allerhoogste – en tog het Hy gesweer. As daar niemand is om by te sweer nie, dan sweer Hy by Homself. Maar sweer sweer Hy.

Dít is genade. Genade gebou op die barmhartigheid, die jammerhartigheid van God. God wat mense red omdat hulle reddelose sondaars is; mense wie se enigste bydrae tot die reddingsgebeure hulle sonde is. Het hulle nie gesondig nie, was dit nie nodig om hulle te red nie.

* * *

Die teologie sê dat God sy genade aan die mense bewys het omdat Hy in sy ewige Vrederaadsvergadering so besluit het. Voor die grondlegging van die wêreld; in elk geval buite ons tyd. Die Seun het gesê Hy sal borg staan en in die volheid van die tyd, op die bestemde tyd, in vlees en bloed die mense gaan red. Daarom is hierdie voorgenoemde *liefdesverbonde* van God gebou op sy ewige en onherroeplike Vrederaad.

> ***Die hele opvatting van voorwaardelike genade is absurd. Genade is per definisie onvoorwaardelik.***

Dit is nie die enigste manier om daaroor te praat nie, maar dit is sinvol. God het ons al liefgehad voor Hy nog die wêreld gemaak het. Nie oor enigiets wat ons (ten goede) gedoen het nie; net oor Hy ons jammer gekry het. En toe het Hy in die tyd hierdie liefde aan ons bewys. En die eensydigheid van sy liefde het daarin uitgekom dat Hy dit voor die grondlegging van die wêreld al besluit het, en dit daarom al aan babatjies van 8 dae oud kon laat beseël, die belofte laat bekragtig. Vóór hulle met die daad goed of kwaad kon doen. Soos met Jakob van wie Hy al in die moederskoot kon sê: Jakob het Ek liefgehad, maar Esau het Ek gehaat.

* * *

Hierdie *verbondenheid* van God aan mense selfs van voor hulle dit nog geweet het, het God op baie male en op baie maniere aan die mense gesê en bewys. Op Sinaï het Hy sy *verbond* hernuwe – in die haglikste omstandighede – en daarna het Hy eeue lank op talle maniere, plekke, toonaarde en idiome daarna verwys en dit weer hernu, en toegelaat dat dit hernu word.

Op groter en kleiner skaal, soos met Gideon en sy wolvelletjie en die droom van die Midianiet, en met Dawid – sy salwing, waarna hy jare moes vlug. En toe aan Israel met die gedurige herhaling dat Hy iemand sal verwek uit die huis van Dawid wat die troon en die koningskap van Dawid vir ewig sal voortsit. En soos met die tragies-vrome Josia.

Daar is geen sprake van dat God hierdie *verbond*, hierdie reddingsbeloftes, hierdie troostende vooruitsigte in enige opsig op meriete baseer het nie. Dit was van begin tot einde 'n *genadeverbond*. 'n Opwekking van valleie vol doodsbeendere. Trouens, God het dit male sonder tal duidelik gestel dat Hy nié 'n stompie van die omgekapte stomp van Isaï sal laat oorbly omdat die mense dit werd was nie, maar omdat Hy dit aan Abraham, Isak, Jakob en sy kneg Dawid met 'n eed belowe het. Nie om júlle ontwil nie, maar om my Naam en Woord ontwil, het die Here gesê.

Dít is wat die gelowiges geglo het. By hiérdie geloof het gelowiges deur die geloof alleen geleef. Dié wat in hardkoppige eiegeregtigheid hulle eie geregtigheid wou oprig, het God van die boom afgesnoei. Dié wat in feite hulle verlorenheid in die sonde ontken het, en God gedank het dat hulle nie soos ander mense is nie; dat hulle geweldig húlle kant ook bring, en twee maal 'n week vas in plaas van een maal per jaar. En dan nie om te rou oor hulle sonde nie, maar om te wys hoe vroom hulle is.

En natuurlik ook diegene wat hulle vuiste teen die hemel gebal het en God gevloek en verfoei het. Wat dit as 'n belediging beskou het om van God se genade alleen te leef. Tussen eersgenoemde en laasgenoemde, tussen Fariseër en veragters van God was en is nie 'n wesenlike verskil nie. Albei het die genade van God verwerp en verag; die een net met 'n masker en die ander daarsonder. Waarskynlik was die Fariseër nog skuldiger, want hy het by alles nog probeer om God se heiligheid in die tempel te steel.

* * *

In die volheid van die tyd het God toe sy woord gestand gedoen. Hy het uitgevoer dít waartoe Hy Hom genadiglik met 'n eed *verbind* het.

Hy het sy Seun van sy bors afgeskeur en Hom na die mense gestuur om die evangelie van die koninkryk van God te verkondig, en van die vergifnis van sonde. Hoewel Jerusalem die reputasie had dat hy profete doodmaak, het die Vader gesê: Miskien sal hulle my Seun ontsien en toe hulle dit nié doen nie, en Hom in die gesig spuug en die misdadiger Barabbas in sy plek lospleit — nadat hulle grootliks van sy wonders geprofiteer het — het hulle Hom laat doodmaak omdat Hy die vermetelheid gehad het om die waarheid te praat dat Hy die Seun van God is, terwyl Hy soos 'n slaaf lyk.

> ***Die verbondenheid van God aan die mense — selfs van voor hulle dit nog geweet het, het God baie male en op baie maniere aan die mense gesê en bewys.***

Toe het God die mense nié onder die vuur en swael van Sodom begrawe nie, maar Jesus weer lewend gemaak en die mense met hulle eie moordkruis gered. En toe Jesus hemel toe gaan het Hy plek gemaak vir die Heilige Gees wat ons oorrompel met hierdie verhaal en ons salig spreek en dit sal bly doen tot die wederkoms toe.

Dít was en is die toppunt van God se genade. Daar bestaan nie 'n verhaal of 'n gebeurtenis wat hierby kom nie. Daarom word dit ook dié evangelie genoem. Die blyste van alle blye boodskappe — dat God ons gered het toe ons nog goddelose vyande van Hom was, en ons daarna heilig máák.

* * *

Voor sy hemelvaart, het Jesus sy groot doopvergunning gegee. Hy het gesê die apostels, en alle sendelinge ná hulle, mag alle volke, tale, nasies, doop in die Naam van Vader, Seun en Heilige Gees. Hy het, nie in 'n bedeling net van beloftes en skaduwees nie, maar in die volle daglig van die evangelie gesê dat die beloftes vir hulle en hulle kinders is en vir almal wat daar ver is, wat die Here na Hom toe roep.

> ***Tussen Fariseërs en veragters van God is daar nie 'n wesenlike verskil nie. Albei verag en verwerp die genade van God; die een net met 'n masker en die ander daarsonder.***

En duideliker as ooit het die Here gesê dat Hy nie kon wag om hulle lief te hê eers ná hulle gebore is nie. Dat hulle al aan Hom *verbonde* is van voor hulle dit nog geweet het; 'n genadige *verbintenis* wat daarom ook goedskiks aan suigelinge betuig en verseël kan word in wie se onbegrypende mond God sy lof berei.

*So het die genadeverbond* deurgeloop na die Nuwe Testament toe. Die *Ou Verbond* het 'n *Nuwe Testament* geword — nie omdat die Ou Verbond nie goed was nie, maar omdat die mense dit onleesbaar gemaak het soos hulle dit met die voete vertrap het.

En as die *verbond* in die Ou Bedeling 'n eensydige genadekarakter gedra het, die *verbond* in die Nuwe Bedeling nog veel meer. Want Jesus het die skuld van die mense gedra en betaal, eens en vir altyd, ál die skuld, tot die dag van hul dood. Elkeen aan wie dit verkondig word, mág dit glo, ook van sy kindertjies.

* * *

Hoe is dit dan moontlik dat daar 'n *verbonds*gedagte kon ontstaan — in óns kerk — wat 'n *verbond* wil handhaaf sónder die genade? Hoe is dit moontlik dat mense, leraars, kan verkondig dat Jesus 'n kind nie kan red voor hy nie met die sonde in sy hart afgereken het nie? Hoe is dit moontlik dat God met die doop swart op wit kan sertifiseer dat 'n kind sý kind is en dat 'n beduidende aantal leraars die stuipe kry as iemand sê: Ons leer nie die kinders in die kategese hoe om kinders van die Here te word nie, maar hoe dit gekom het dat hulle kinders van die Here is?

> ***Die Ou Verbond het 'n Nuwe Testament geword — nie omdat die Ou Verbond nie goed was nie, maar omdat die mense dit onleesbaar met hulle voete vertrap het.***

Of glo die kerk nie meer sy belydenis en sy formuliere en verklarings daarin nie? Het die sinergisme die soveelste keer in die geskiedenis sy tol geëis onder die vroomste voorwendsels, soos altyd? En met 'n heilige verontwaardigde onverdraagsame verwaandheid? Heilige onnoselheid, noem Noordmans hierdie verskynsel.

Wat dreig om oor te gaan in 'n onheilige moedswilligheid.

* * *

Die gedagte kom dikwels by my op dat ek God se genade in diskrediet kan bring deur so gedurig daarop te hamer. Dan troos en versterk Calvyn my as hy skrywe: "Ons bose kwaadwilligheid en ons onwilligheid om aan God te gee en toe te skrywe wat Hom toekom, is so groot dat ons dit slegs doen wanneer ons hewiglik daartoe aangespoor word. Dáárom voel ek verplig om te doen wat ek doen." (Inst. III, 14,6 — effens aangepas.)

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/4 JULIE 1987

UIT DIE BERGREDE

# ONS SKAT

Studiegedeelte Matt. 6:19-21; 24

*6:21: Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.*

Maar hoe maak ons skatte in die hemel bymekaar as ons nie daar kan bykom nie? Die hemel is so hoog? Die hemel is so ver van ons af soos die ooste is van die weste; soos die hemel van die hel. Hoe kom ons daar. Gód is in die hemel, nie ons nie. Ons is op die aarde. Ons is uit die aarde aards. Hoe kry ons die kameel deur die oog van die naald. Hoe word ons weer soos klein kinders om die moederskoot te kan in sodat ons weer gebore kan word, en dalk hierdie keer nie in sonde ontvang en gebore nie.

Sal ons dalk tot by die hemel kan bykom as ons God en nie Mammon nie, dien?

Ons swoeg en sweet elke dag vir Mammon, vir geld. Ons kruip en soebat, ons knoei en dreig. Ons tender en sweet en bly langer wakker om die dag langer te maak. Sal ons dit 'n keer laat staan en voor Gód kruip sodat Hy na ons bankrekening kan omsien en na ons kluis in die hemel? Hoe anders sal ons dit doen? Die hemel is so hoog, en ons so besmet van die sonde.

* * *

Ons belydenis sê dat ons geneigd is om God en ons naaste te haat. En Noordmans sê êrens dat die "geneigd" 'n eufemisme is. Ons weet ons kan nie twee Here dien nie, en ons dien ook nie twee nie, ons dien Mammon. Die Nuwe Vertaling versag dit na "minder ag" en "afskeep", maar ons kan gerus maar saam met die Ou Vertaling sê ons verag God.

O, die vromes dink nie so nie. Hulle sê in 'n stortvloed van woorde welsprekend hoe baie hulle van God dink en dat Jesus hulle held is. Maar as jy mooi kyk en luister, kom jy agter hulle vereer hulle toewyding, hulle oorgawe, hulle kies vir God. Hulle glo in hulle geloof — hoewel hulle hedendaags so slim geword het dat hulle dit nie geloof noem nie. As jy praat van nét geloof, sola fide, dan sê hulle: duiwels kan ook glo. Geloof is nie genoeg nie. Die Hervorming en die belydenisskrifte kan maar agter die Bybel aan sê nét geloof, maar hulle sê nee, die geloof moet bewys word met die werke, en hulle bewys dit. Dit is die bewys wat genoem word *syllogismus practicus*, en hulle glo daaraan want dit verskaf sekerheid.

Die Kategismus kan maar sê dat niémand die wet kan nakom nie, en die Nederlandse Geloofsbelydenis dat ons "goeie"(!) werke van so 'n aard is dat God ons daaroor in die verdoemenis kan gooi — hulle roem op die werke, in die aangesig van die B Bybel wat sê dat wie wil roem, in die Here moet roem.

En die gelowige sondaars in die gemeente wat hulleself vanwee hulle sonde mishaag, verag God. Dit is deel van die walging wat hulle vir hulleself het — dat hulle God nie kan liefhê nie; dat hulle aanstoot neem aan die kruis; dat hull elke dag met die elmboë en die voete woel en trap om kop bo water te hou in hierdie harde lewe, en dat dit niks anders is as hartlike diens aan Mammon nie.

Die probleem is dat ons blykbaar nie 'n opsie het nie. Of ons dien die onregverdige Mammon en veg vir ons 'n staanplek oop in hierdie lewe en op hierdie aarde, òf ons verkoop alles wat ons het en bederf die armes daarmee, en boemel nutteloos agter Jesus aan. Jesus wat in die hemel, onbereikbaar hoog, aan die regterhand van die Vader sit.

Of sal ons vir die Here werk? Dis 'n plan! Ek sal predikant of priester word!

En waarvan sal jy leef? Van die dankoffers, die bydraes van die dienaars van Mammon wat jy met allerlei vindingryke skemas uit hulle sak uit praat en organiseer — totdat jy hulle daarvan oortuig dat hulle sonde met geld kan afkoop soos in die Rooms-Katolieke kerk.

Dan is jy tog niks beter as hulle nie. Jy's net beter vermom. Jy dien Mammon ook maar. Net om 'n skynheilige draai.

Nee, hoe ons ook al spook en spartel, by die hemel kom ons nie by nie. Ons kry ons skatte nie hoog genoeg opgetel nie, en hulle is ook te vuil, te besmet sê ons belydenis, om by die poortwagters van die hemel verby te kom.

* * *

Maar wat by die mense onmoontlik is, is by God moontlik. Gód kry selfs 'n kameel deur die oog van 'n naald; God kan 'n mens weer gebore laat word,

> ***Hoe kan ons skatte bymekaar maak in die hemel as ons nie daar kan bykom nie?***

sonder 'n greintjie hulp van die mens se kant; God kan uit die hemel uit by die aarde bykom om ons skatte bymekaar te maak en in die hemel te berg.

Hoe doen God dit?

God loop (met sy Seun), eintlik hardloop Hy, agter die mense aan aarde toe. Hy loop uit die paradys uit by die engele met die vlammende swaarde verby en met sy tentjie onder sy arm, sy tentjie, sy tabernakel, (Open. 21:3) wat Hy by die mense gaan opslaan om by hulle te woon in die krip en krot van hul bestaan.

God word 'n mens. En hierdie mens, Jesus, bring aan God 'n offer wat Hom behaag (Efes. 5:2), 'n offer wat by die hemel bykom omdat die wierook daarvan pylreguit optrek hemel toe en ontvanklik is by God. Dié Mens, Jesus Christus van Nasaret, aanbid nié twéé here nie. Hy het God bo alles lief en sy naaste soos Homself. As die angste van die hel Hom oorweldig, sodat sy sweet soos bloed op die aarde val, dan bid, dan smeek Hy God, sy Vader, dat sý wil moet geskied. En as die mense wrede spykers in sy hande en voete slaan en met venyn uit die hel Hom smaal oor sy skynbare onvermoë om Homself te red, dan bid Hy dat die Vader hulle moet vergewe omdat hulle nie weet wat hulle doen nie, en red hulle.

> ***As ons, agter die belydenisskrifte aan sê: nét geloof, sola fide, dan sê baie mense "duiwels kan ook glo". Maar duiwels glo tog nie dat hulle op die kruis gered is nie.***

Só kom Jesus by die hemel by. Hy bring, saam met Hom, die hemel naby, so naby dat as Hy sterf aan die hand van die mense wat Hy red, dat Hy direk sy gees in die hande van die Vader gee, en saam met die moordenaar oorstap hemel toe. En ook saam met almal wat die Vader Hom gegee het waarvan (op een na) nie één verlore gegaan het nie. (Joh. 17:12)

Só word Jesus ook ons Skat in die hemel.

Hy kom nog wel veertig dae terug om sy triomf te bewys en sy laaste opdragte te gee, maar dan vaar Hy op hemel toe en word dié stukkie van die bergrede ook skielik verstaanbaar. Maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar die mot en die roes nie kan verniel nie, en waar diewe nie kan inbreek en steel nie.

Jesus is ons skat. Ons enigste anker en troos in lewe en in sterwe. Hy is ons Waarborg dat ons ook sal kom waar Hy is. Die bewys dat die hemel, die koninkryk van die hemele, naby gekom het, binne ons bereik, minder as 'n tree van ons af — nie omdat ons so wild daarheen geroei het nie, maar omdat Jesus, God self, met sy tentjie by ons kom woon het; en omdat Jesus self die Weg, die Pad daarheen is. Geen gesoek en gekaartlees nie. Wie Jesus omhels, hét die ewige lewe. Wie Jesus omhels, soek eerste die koninkryk van God — wat Hý naby gebring het.

* * *

> ***God kan uit die hemel uit by die aarde bykom om ons skatte bymekaar te maak en in die hemel te berg.***

Maar wat nou van Mammon? Wat van ons onvermoë om twee here te dien, en ons onvermoë om van Mammon af te sien?

Kyk, in Luk. 16:9 knipoog Jesus en vertel hoe ons vriende moet maak met die onregverdige Mammon. Die oneerlike bestuurder het die duiwel rasend van woede gehad omdat hy die duiwel met sy eie geld en streke 'n streep getrek het. Hy het die geld wat hy sondig verduister het, aangewend om mense om te koop om in die hemel vir hom te pleit as hy tereg moet staan. En Jesus sê ons moet ook so maak.

Ons moet die geld vat, die vuil woekergeld, wat so reglê om mee te dobbel, en ons moet die geld aanwend — vir die hemel! En vir die hemelse boodskap. Ons moet die duiwel met sy eie onregverdige Mammon uitoorlê. Terwyl ons in die sonde bly en die hemel nie kan bereik nie, moet ons geld gee om per bode en sateliet uit te basuin dat *Jesus* dit gedoen het, die hemel vir ons bereik het, en dat Hy weer kom om ons na Hom toe te neem.

Daar is baie min dinge wat ons kan doen. Goeie werke eintlik niks nie. Maar ons kan gló. 'n Sondaar kan glo. Dis al wat hy kan doen. Hy kan omdat hy mág. En omdat glo eintlik nie iets is nie. Per definisie. Glo is niks. Glo is om onderstebo geloop te wees deur die evangelie, die liefdesdaad van God. (Jer. 20:7)

> *Ons moet die geld vat, die vuil woekergeld wat so reglê om mee te dobbel, en ons moet die geld aanwend – vir die hemel!*

Gl is om aan Jesus en Jesus alleen vas te hou; met jou hele wanhopige hart; om jou sondige bedrieglike hart vir Jesus te gee, aan Jesus dan maar toe te vertrou om in die hemel te hou solank.

Want waar jou Skat is, daar sal jou hart ook wees.

## GENADE-AANBOD

Uit Augustinus se mond het ons die getuienis wat ons graag wil hê: Genade word nie slegs deur God aangebied sodat dit deur elkeen aangeneem of verwerp kan word nie. Die genade self veroorsaak die keuse en die wil tot die goeie in die hart, sodat die goeie werke wat volg, die vrugte is van die genade; en die genade het geen ander wil wat dit (die genade) gehoorsaam nie, as die wil wat die genade self vervaardig het nie. (by Calvyn, Inst. 2.4.13)

## GELAG VIR GENADE

Osiander lag vir diegene wat leer dat "om geregverdig te word" 'n regsterm is; want ons moet regtig, eg regverdig, (dit is goeie mense) wees, aldus Osiander. Verder is daar niks wat hy méér verag as die opvatting dat ons geregverdig word deur die eensydige en onverdiende toerekening van Christus se geregtigheid nie. Wel, as God ons nie in die gelyk stel deur ons vry te spreek en te verskoon nie, wat bedoel Paulus dan as hy sê: "God het in Christus die wêreld met Homself versoen, deur die mense hulle oortredinge nie meer toe te reken nie"? (2 Kor. 5:19) (Inst. 3,11,11)

# GELOOFSTRYD EN WETSTRYD

Terwyl sommige teoloë en predikante hulle lewe wy aan die moeilike taak om die kerk polities te bekeer, weg van apartheid af of om apartheid te bly troetel, bly ek maar old fashioned sukkel met die regverdigmaking op die kruis wat ons mag glo. Niks meer as net glo nie, sola fide, en dan is die geloof ook nie 'n voorwaarde nie. Ons redding is absoluut onvoorwaardelik. Dít is die wonderlike evangelie wat ons hoor en verkondig om geglo te word. Daar is aan die kruis niks meer by te voeg nie. Die kwitansie vir die volle som, die voldaan, was aan die kruis vasgespyker.

Maar so dikwels as ons hierdie woorde hoor of uit hierdie evangelie troos wil put en wil bied, is daar mense wat sê: ja maar...

Hulle het 'n paar variasies van ja mare. Die een sê hy stem een honderd persent met jou saam, dis net dat die geloof tog 'n voorwaarde is. Alles is verniet, maar jy móét glo. En dan moet jy 'n besliste keuse maak. Ja, hy het art. 22 van die Nederlandse Geloofsbelydenis gelees. Ja, maar selfs die ter dood veroordeelde voor wie die deure skielik oopgegooi word, móét 'n keuse maak om deur die oop deure huis toe te gaan. Of hy werklik dink as 'n man goed begryp dat die deur na die hel toe toe is en dié na die hemel toe oop, dat hy nog twee maal sal dink? Ja, maar...

En dan is daar die wonderlike variasie van 'n junior dogmatoloog wat rond-uit sê dat God voorwaardes stel. Wat God van jou verwag, sê hy, is dat jy ware en egte berou oor jou sondes moet hê. Nog 'n voorwaarde is dat jy Christus moet aanneem, en bekering is 'n voorwaarde van heiligmaking. En tog, sê dieselfde geleerde, is die redding van die sondaar van begin tot einde gegrond op 'n genadedaad van God.

Hoe dan nou?

Nee, die kloutjie kom maklik by die oor by. Die dinge wat God eis – soos berou en geloof – skenk Hy ook self aan ons "!".

Dis 'n wonderlike stukkie slordige teologie, wat ruik na determinisme. As dit só gewerk het, kon God mos maar net : sowel goeie werke as eis gestel het, en ons genadiglik in staat gestel het om aan dié

eis te voldoen. Dan was die Reformasie oorbodig en 'n vergissing, en as jy nie versigtig is nie, die kruis ook.

En dan is daar diegene wat sê ja maar daar staan ook geskrywe: Stry hard om in te gaan deur die nou poort. So jy moet dit nie te maklik maak nie. Om in die hemel te kom, is 'n baie moeilike saak, en daar is min wat die regte voetpaadjie vind.

> ***Die stryd om hemel toe te gaan is nie 'n wetstryd nie, dis 'n geloofstryd.***

Teen hierdie woorde kan ek natuurlik nie stry nie, want dit staan in die Bybel. Ek wil ook nie daarteen stry nie, want ek weet uit eie ondervinding hoe waar die woorde is. Die meeste mense, godsdienstiges inkluis, stry so hard om hulle eie poorte hemel toe oop te kap, dat hulle volhardend die poort wat Jesus oopgebreek het, misloop. As die Woord en die bedienaar daarvan sê dis so onmoontlik om met eie inspanning hemel toe te gaan soos om weer gebore te word, dan wil hulle tog die barensweе stimuleer. En as hulle hoor die kameel kan nie deur die oog van die naald nie, dan stry hulle swetend en met lang gesigte om die kamele deur die nou poorte te kry, en die poorte effens te ruim, selfs met Bybeltekste.

Dis dié wat Jesus gesê het daar is min wat die weg vind. Hý is die Weg en die Waarheid en die Lewe. Hy gee die water van die lewe en sy liggaam en bloed verniet. Hy laat Paulus skrywe dat Hy vir sondaars gesterf het, maar die mense lees: berouvolle sondaars, en hulle sê vir die kindertjies: Liewe Jesus hou nie van stout kindertjies nie. As jy soet en gehoorsaam is, gaan jy hemel toe. Stry hard om in te gaan deur die nou poort.

* * *

Mense, die stryd om hemel toe te gaan, is nie 'n wetstryd nie, dis 'n geloofstryd. Dis 'n voortdurende stryd teen jou eie inspanning en selfverheffende vroomheid. Dis 'n stryd om jouself prys te gee en jou slegs op Christus te verlaat. As sola fide, geloof alléén, 'n voorwaarde was, was sola gratia, genade alléén. 'n klug, en die geloof niks anders as 'n verdraaide en afgewaterde wet nie.

Dáárom sê die Skrif dat ons die goeie stryd *van die geloof* moet stry. En die stryd van die geloof, is die stryd om Sondag 1 van die Kategismus ernstig te neem. Dat ek nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus, behoort, wat met sy kosbaarder as goud bloed vir ál my sondes *ten volle* betaal het.

Wil jy die Here aanneem as jou Verlosser? Moenie jou hart aan Hom gee in ruil vir jou saligheid nie. Glo dat Hy jou op Golgota gered het, en verlaat jou geheel en al, met hart en siel, op sy soenverdienste. Stry hard om in te gaan deur dié nou poort. Moenie dat die sektes jou bang maak met die storie van gehoorsaamheidseise nie. Stry hart teen die versoeking om jou te verlaat op die selfbevrediging van die beloning van 'n gehoorsaamheidsdoop.

> ***Om voorwaardes vir ons redding aan die mens te stel — hoe gering ook al — is slordige teologie.***

God het inderdaad eise gestel. Regseise. En Hy het inderdaad self daaraan voldoen. Op die kruis. Dít is wat ons hartgrondig glo en troos. Dít is ook die geloof waaraan die Satan met alle geweld ruk en pluk om ons dié troos te ontneem. Hy wil nie hê ons moet dit glo nie, want dan kan ***niks*** ons meer skei van die liefde van Christus nie.

Stry hard om in te gaan deur Die Nou Poort.

# WEER-DOOP

As die onkunde (van doper, dopeling of doopouer) 'n doop ongeldig sou maak sodat dit met nóg 'n doop reggestel moet word, sou eerstens die apostels oorgedoop moes geword het. ... En wat óns betref, hoeveel riviere sou ons nodig gehad het om die onkunde wat die genade van God daagliks in ons ontbloot met doop na doop reg te stel? (Inst. 4,15,18)

# EENSYDIGE GENADE

Wie God maak tot 'n onbewoë Regter wat alleen maar eis, vergryp hom aan die wonder van sy ontferming waarin Hy sy Seun nie gespaar het nie, maar Hom oorgegee het (Rom. 8:32) ter wille van 'n wêreld wat na Hom nie gevra het nie.
(JJF Durand)

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/4 JULIE 1987*

**BYBELSTUDIE NUWE TESTAMENT**

**Studiegedeelte: Matt. 2:13–23**

*2:19: "Na die dood van Herodes verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan Josef in Egipte..."*

# JOSEF DIE DROMER

In 1 Kon. 11 lees ons 'n merkwaardige parallel van Jesus se vlug-na-Egipte verhaal. Salomo sien 'n bekwame man raak, 'n gesiene man, en bied hom 'n hoë pos aan in die konstruksiebedryf. Maar op 'n dag loop Agija die profeet hom raak, skeur sy (Agija se) toga in twaalf repe en gee tien aan dié hoë amptenaar, en hy sê: "Vat vir jou tien stukke, want só sê die Here, die God van Israel: só gaan Ek die koningskap afskeur van Salomo af" — want "Salomo het My verlaat en Astarte die godin van die Sidoniërs, Kemos, die god van Moab, en Milkom, die god van die Ammoniete, aanbid" (31, 33). Toe Salomo dit hoor, wou hy die man doodmaak. "Jerobeam (!) het egter na Egipte gevlug waar hy onder beskerming van koning Sisak van Egipte gebly het tot Salomo se dood". (40)

Wees dus nie te haastig om Herodes te veroordeel nie. Die Bybel is nie 'n Western met cowboys en crooks nie. Nie al te gemaklik nie. Per slot van sake is ek en jy mede skuldig aan die dood van Christus. Ons het reggekry wat Herodes nie kon nie. Want Herodes is kort na die kindermoord (aaklig) dood.

* * *

Nog 'n merkwaardige parallel met die Ou Testament, is Josef die dromer van die Nuwe Testament. Hy bly maar net aanhou droom en gaan dan ook na Egipte toe; gedwing deur 'n verre agter-kleinseun van Esau, die broer van sý voorvader Jakob — naamlik deur Herodes die Grote, die Edomiet.

> ***Wie sou nou kon dink dat Jerobeam 'n "tipe" van Jesus sou kon wees?***

Dis wonderlik, die grein, en die geheim van die geskiedenis.

En as Josef weer droom, is dit 'n terugroep na die Beloofde Land. 'n Kyk-weer van die Eksodus. Matteus sê: "So is vervul wat die Here deur sy profeet (Hosea) gesê het: 'Uit Egipte het Ek my Seun geroep'."

Dis 'n merkwaardige aanhaling. Wie die Bybel lees as 'n eendimensionele, humorlose boek waarvoor opgevoede en geleerde mense te slim is, moet daar oneindig moeite mee hê. Hosea is immers nie besig om oor Jesus te skryf nie, maar oor Israel. Eintlik oor Efraim, God se troetelnaampie vir sy kinders van die Noordelike Tienstammeryk (van Jerobeam). Efraim, die seun van Josef!

Kyk, God het Josef se Efraim uit Egipte geroep, en gedra, en gesleep, en met 'n lepeltjie gevoed. Hy het hom met die hand beskerm en grootgemaak. Dáárom, sê Hosea, kan God Efraim nie ombring nie. Hy het hom dan uit Egipte geroep.

En nou roep God 'n ander Josef se Kind ook uit Egipte. Soos vir Josef van ouds (vgl. Gen. 45:5) het God ook hierdie een self na Egipte gestuur. Hy het dit gedoen omdat Hy sy lewe wou spaar — nie vir sy lewe self nie (later sou Hy Hom oorgee om doodgemaak te word), maar ter wille van Israel se kinders. In die Nuwe Testament blyk dit dus dat God se liefde verdiep en sy genade vermenigvuldig. Hy dra die onwillige Efraim nie net uit Egipte nie, Hy laat sy eie Seun daarná na Egipte vlug en roep en dra Hom dan weer daar uit om Efraim en Israel en ons te gaan red.

Maar eers moet die klein kindertjies van Betlehem onskuldig doodgemaak word.

God red dus die Kind, maar nie die kindertjies nie. Hy red Hom ter wille van die kinders, maar die kinders red Hy nie.

Waarom nie?

Dit weet ek nie. Dit weet niemand nie. Dít is die geskiedenis. Dit is ook die egtheid van die geskiedenis. Die geskiedenis is egte drama. Die geskiedenis is nie kinderspeletjies nie. As die vrou op die punt staan om te baar, staan die vuurrooi draak met die sewe koppe (vol listige planne) ook gereed om die kind te verslind, en as God die Kind wegruk uit sy kloue uit, spring hy rond soos 'n woedende leeu

wat haar ander nakomelinge wil verslind met die wete dat hy min tyd het (Open. 12).

So was dit in die geskiedenis, en so is dit nou nog. Wie suksesgodsdiens preek en glo, leef in 'n gekkeparadys. Net die eindoorwinning is verseker, en dit moet nog geglo word — juis sodat ons kan volhard as die bloed van die kinders vloei.

* * *

Die altyd-weer karakter van die kindermoorde word deur Matteus uitgewys as hy Jer. 31 aanhaal. As Herodes se soldate voor die voet doodslaan, en kinders uit die arms ruk, staan Ragel weer 'n keer uit haar graf op. Ragel, die moeder van Josef en Benjamin. Ragel wat begrawe lê by Rama, op die grens tussen Noord-Israel/Efraim (Josef se seun) en Juda-en-Benjamin.

> ***Ons het reggekry wat Herodes nie kon nie. Ons het Jesus met ons sonde doodgemaak.***

Die eerste keer is Ragel se gehuil gehoor toe sy Jakob gesmeek het om vir haar kinders te gee. "Gee vir my kinders anders sterf ek." Toe gee God kinders, en toe sterf sy. Snikkend, met net nog genoeg asem om haar kind Ben-Oni, kind van my smarte, te noem.

En as die kinders van smarte na eeue van God se geduld, nie kinders van sy regterhand wil wees en wil word nie, stoot God hulle Salomo-stad en -tempel plat, en kom die Babiloniërs soos sprinkane oor die mure en boei dié wat nie gesterf het nie, en laat hulle aantree... by Rama. Vandaar sal hulle na Babel marsjeer. Tweeduisend kilometer.

Dan staan Ragel uit haar graf op en huil saam met die wind wat daar waai oor die sonde en ellende van die wêreld. Sy huil en kerm oor haar bandietkinders. Sy treur, en, sê Jeremia, sy wil nie getroos word nie. Want hulle is nie meer daar nie. Hulle is onherroeplik ten dode opgeskryf.

> ***Waarom word Jesus se lewe gespaar en dié van die kindertjies nie?***

Laat Ragel haar dan nie troos deur die terugkeer, en die herbou van stad en tempel nie? Het Ragel dan nie die engelesang in die velde van Efrata gehoor nie? En van Josef se verloofde wat swanger geword en 'n Seun van en vir Gods regterhand gebaar het nie?

Nee maar wat dan van die kindermoord in Betlehem? Sal daar dan nimmer 'n einde aan kom nie? Wat help al die beloftes as my kinders altyd maar weer sterf? En Ragel draai haar om en ween en ween troosteloos.

* * *

Maar kyk! Dan droom Josef weer. In Egipte. En Jesus kom terug, die Josua van die Nuwe Testament. Hy word uit Egipte geroep. Hy kom om die Beloofde Land te kom red. En wéér droom Josef: Nie Betlehem nie, Nasaret. Want Argelaus, seun van Herodes, voer bevel oor Betlehem, en is ewe bloeddorstig.

> ***Miskien was Ragel ook een van dié wat op Goeie Vrydag al opgestaan het.***

Sou Ragel haar oplaas deur die die wonderlike ingrype ten bate van die Nasarener laat troos het? Deur die redding van die Kind — wat later die kinders na Hom toe sou laat kom sodat Hy die koninkryk van God aan hulle persent kan gee?

Ja, maar eers nog baie trane. Want kyk, toe het die Bose sy jaagtog voortgesit — tot op Golgota. En dáár het God en Ragel saam geween oor die Kind en die Man van Smarte.

Maar toe, tóé het God die skuld van die wêreld met die bloed van sy Seun betaal, en die trane afgevee, en toe het Jesus, die Seun van Josef en van God, uit die graf opgestaan om vir Ragel, Maria Magdalena en vir jou en my finaal te troos.

Miskien was Ragel ook een van dié wat daardie Vrydag al opgestaan het (Matt. 27:52,53) om van sy opstanding te getuig.

# GENADE EN NOOD

Geloof is die punt waarin die nood van die mens en die genadige toewending van God tot ons, bymekaar kom. Onderrig deur die wet wat die mens van alle selfroem en eiegeregtigheid stroop, is die geloof enersyds die deemoedige erkenning van eie reddeloosheid en leegte. Geleer deur die toesegging van die evangelie, is die geloof andersyds die toevlug tot die barmhartige God van wie se genade alle heil verwag word. (HW Rossouw — oor Calvyn)

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/4 JULIE 1987

VRAE EN ANTWOORDE

# GOD, EVOLUSIE EN SAAMSLAAP

*Ek doen vanjaar honneurs in Soölogie. Na drie jaar saam met die ouens kom ek skielik op 'n ekspedisie agter dat twee van hulle nie in die Here glo nie, maar in evolusie. Ek was heeltemal uit die veld geslaan want dit was die eerste keer dat ek iemand teëkom wat slégs die evolusie aanvaar.*

*1. Hulle verwerp heeltemal die feit dat God die heelal, see, hemel, aarde, diere, voëls en visse in sewe dae kon geskep het. Dis nie dat hulle slegte mense is nie, inteendeel, hulle lewenswyse is onberispelik. Hulle verwerp nie die Here nie, maar hulle glo ook nie in Hom nie. Jesus is vir hulle iemand soos 'n profeet; die Bybel sien hulle slegs as 'n boek met morele en lewenstandaarde.*

*2. Volgens hulle het die lewe uit DNA begin en elektrisiteit was die oorsprong van DNA. Dan vra ek: waarvandaan het elektrisiteit gekom, en hulle sê dit kom van planete wat miljoene jare gelede teen mekaar gebots het.*

*3. Hulle vra jou die ongelooflikste vrae wat heeltemal logies klink, en waarop ek nie antwoorde het nie. Hoekom ek die Bybel glo; hoekom dinosourusse geskep is net om weer uit te sterf? Hulle voer aan dat daar fossiele gevind is voordat Eva van die verbode vrugte geëet het, dus voordat daar sonde op aarde was. Hoekom het die dinosourus gesterf voordat sonde gedoen is? Was die dood dan nie die gevolg van die sonde nie?*

*4. Die een vriend is 'n entomoloog. Hy sê dat daar net in die Amasone-streek alleen sowat 100 000 soorte insekte is. Hoe kon ál dié insekte op die ark gehuisves word, 40 dae en nagte; wat het hulle geëet?*

*5. En: Waarom bekommer God Hom oor jou en my terwyl daar miljoene in Etiopië van die honger sterf? Wat word van die mense wat nog nooit van God gehoor het nie?*

*6. Ek vra hulle of hulle glo dat Christus weer eendag terugkom, en hulle lag en vra waarom Christus ons wil kom haal as ons so lekker hier op aarde lewe?*

*7. Hulle sê ook nie dankie vir hulle kos nie, want hulle sê hulle werk self daarvoor.*

**Studente vra my die ongelooflikste vrae — wat logies klink — en ek het nie antwoorde nie. Help my asseblief met aanvaarbare antwoorde.**

*8. Laastens verwerp hulle die feit dat dit verkeerd is om saam te slaap voor jy getroud is. Volgens hulle is dit die hoogtepunt van die liefde en moet 'n mens eers kyk of jy en die meisie fisies geskik vir mekaar is.*

*Help my asseblief met antwoorde — veral oor die evolusie en saamslaap.*

*Brett de Kock, Dagbreek, Stellenbosch.*

Ek het die brief se paragrawe genommer om makliker te verwys.

In die algemeen moet ek heel eerste sê dat ons God nie (reg) kan bewys nie. Wie dít probeer doen, is op een na die verwaandste skepsel op aarde. Slegs die mens wat God probeer wég bewys, is meer verwaand. As ons met ons klein verstandjies God die konklusie van 'n redenasie kon maak, was Hy nie God nie, nie die Skepper van die heelal en van die mens met sy verstand en redeneervermoë nie, maar 'n misrabele afgod soos die idee van blinde evolusie.

*Net 'n jong oningeligte student sal God se openbaring van hoe Hy ons gered het, inruil vir 'n vae teorie met baie variasies.*

Ons kan God dus nie netjies op sy plek sit nie. Ons kan net in Hom glo, en Hom dank dat Hy óns nie op ons plek sit nie.

In paragrawe 1 en 2 gaan dit onder meer oor evolusie. Ek wil nie in die strik trap deur ondeskundige uitsprake daaroor te maak nie, maar in die literatuur waarna ek jou verwys het, word die onweerlegbare feit meegedeel dat wetenskaplikes met Nobélprys-status radikaal van mekaar oor evolusie verskil. Evolusie is 'n *teorie* oor die skemer van ons oorsprong. Wat mý aangaan, kan die wetenskaplikes net soveel variasies op hierdie teorie hê soos wat hulle wil en kan die studente dit maar leer —

soos hulle Marxisme bestudeer sonder om kommuniste te word. Maar net 'n oningeligte (jong) student sal God se *openbaring* vir 'n vae teorie inruil waarvan daar tallose onbewese en onbewysbare variasies bestaan.

Par. 1 sê ook hulle sê die Bybel is 'n morele kode, wat nog meer hulle onkunde oor die Bybel bewys. Die Koran mag 'n boek vol morele kodes wees, maar die Bybel is so ánders dat 'n mens hom selfs 'n boek vol immorele kodes kan noem. Die Bybel is die evangelieverhaal van hoe God ons toe uit hierdie immoraliteit verlos het. Nie hoe ons dit met onsself moet doen nie, maar hoe God dit gedoen het.

> *Hoe verklaar ateïste die sin van die lewe? Is die mens 'n blinde gevolg? 'n Nuttelose passie?*

Die skeppingsverhaal in die Bybel is die *begin* van hierdie evangelieverhaal. Dis nie 'n (kwasi-)wetenskaplike relaas oor die oorsprong van alles wat bestaan nie, maar 'n kinderlik-poëtiese verhaal om aan te dui van hoe hoog ons af geval het tot in die ellende waarvan die hele Bybel verder vertel — waaruit Gód ons verlos het. Die sewe dae is ook nie letterlik sewe dae of tydperke nie, eerder vergelykbaar met sewe strofes in 'n gedig.

T.o.v. par. 3: Die Bybel is geskryf deur oog- en oorgetuies, maar net soos die bestaan van God kan (en mag) dit nie logies bewys word nie. Die Bybel kan ook net *geglo* word. Daarom kan die Bybel selfs beskryf word as 'n gerug uit die hemel. En tog: Kan dit wees dat één boek al die duisende boeke van sy tyd oorleef en aktueel bly̋, terwyl die afgode onder die stof verdwyn?

Dinosourusse is nie ál wat in die sondige vernielsug van die mense uitgewis is nie — wat van die bergkwagga? Ek meen slegs 5 persent van die diere en insekte wat navorsbaar vroeër bestaan het, bestaan nog. Dit bewys niks anders as die kosmiese katastrofe van die sonde en die noodsaak van die verlossing nie.

Niemand weet wanneer die sondeval was nie. Die Bybel is ook nie 'n kroniek nie. Dit was "in die begin". *Ons weet nie.* Die Bybelgelowiges weet nie beter (met die skeppingsverhaal) nie, hulle weet dat ons nie weet nie. Hoe verklaar dié ateïste die dood? Ek sal graag hulle wysheid dáároor wil hoor. As dit wat bestaan, logies verklaarbaar is, vanwaar die absurditeit van die dood?

T.o.v. par. 4: Hoe verklaar vriend entomoloog dat die vloedverhaal in *baie* antieke tradisies voorkom? Waarskynlik was nie die aardbol nie, maar die *bekende* wêreld onder water. Die klem van die verhaal is weer eens nie 'n entomologiese mededeling nie, maar 'n soteriologiese, d.w.s. die verhaal van hoe God in die ramp gered het. Sê hy moet tog ook weer lees: dit was nie 40 dae en nagte nie, maar byna 'n jaar.

Par. 5 en 6 beantwoord ek saam. Daar is nie 'n God vir mense wat so lekker op die aarde leef dat hulle Hom nie nodig het nie. Hy is daar vir die Etiopiërs, die Biaffrane (waarvan báie NG-lidmate) en vir elkeen wat weet hoe groot sy sonde en ellende is, al is dit in die onvergenoegde eensaamheid van oorvloedige rykdom. God skep nie behae in die lyding van die mens nie, Hy het mede-lye — tot op die kruis. Dat Christus wéér kom, is die sin van ons lewe, die waarborg van 'n sinvolle einde. Waarin sien húlle die sin van die lewe? Of is alles blinde onsin en die mens 'n nuttelose passie?

Par. 7: Sê as hulle nie vir hulle kos wil dankie sê nie, moet hulle dan maar net dankie sê vir hulle suurstof (waarvoor hulle nie werk nie), en vir dat hulle nie in Etiopië gebore is nie. En hulle moet bid dat hulle nie oud word en dalk eendag van die genade van ander afhanklik word nie.

Par. 8: As intimiteit die hoogtepunt van die liefde is, is dit meer as die moeite werd om dit met wetlike waarborge te beskerm. Mense pas nie soos masjien-onderdele by mekaar nie. Twee mense wat *wil*, pas by mekaar; as hulle nie wil nie, pas hulle nie, al is albei rooiwarm. En sê hulle moet oppas vir AIDS met al die aanpassery.

# SIMUL JUSTUS ET PECCATOR?

Cannery Row in Monterey is a poem, a stink, a grating noise, a dream. ... Its inhabitants are, as the man once said, "whores, pimps. gamblers, and sons of bitches", by which he meant Everybody. Had the man looked through another peep-hole he might have said: "Saints and angels and martyrs and holy men", and he would have meant the same thing. (John Steinbeck, Cannery Row, 1, Pan Books)

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/4 JULIE 1987*

TE VOET DEUR DIE KATEGISMUS

# DIE GESALFDES

**HK 12:31,32**

Die Kategismus gaan voort om die Twaalf Artikels te behandel, die Apostoliese Geloofsbelydenis, "alles wat ons in die evangelie beloof word". (HK 7:22) Ons het nou al gepraat oor God die Vader (van barmhartigheid), en van sy Seun Jesus, die Saligmaker.

*Vraag 32 skuif soos 'n handskoen in vrg. 31 in.*

Dié Seun se tweede naam is *Christus*. Nou vra vrg. 31 waarom Hy ook "Christus", wat "Gesalfde" beteken, genoem word. En vrg. 32 waarom jy 'n *Christen* genoem word. Let nóú al daarop dat die tweede vraag soos 'n handskoen op die eerste pas. Dus 'n deurslagkopie.

Jesus word dié Gesalfde genoem omdat Hy gesalf is. Dis tog baie eenvoudig. Hy word Saligmaker genoem omdat Hy salig maak, en Gesalfde omdat Hy gesalf is.

Salwing, die uitgiet van reukolie op iemand se hoof en hare, was outyds die teken van aanstelling in 'n amp. Of bestemming vir 'n amp, selfs geruime tyd voor die tyd soos met Dawid in 1 Sam.16:13 terwyl hy, na baie ontberings en vernederings eers in 2 Sam. 2:4 werklik die amp aanvaar.

Wat met Jesus gebeur het, is baie dieselfde. In sy ewigheid, sê die Kategismus, het God die Vader Jesus bestem en aangestel, verordineer, tot dríé ampte (o.m. met verwysing na Jes. 61:1) en in Luk. 4:18 Hom met die Heilige Gees "gesalf", maar toe moes Hy deur 'n hel van vernedering voor Hy aan die regterhand van die Vader in die magsposisie gaan sit het. (Hand. 1:9)

Hy is gesalf tot "ons hoogste Profeet en Leraar", "ons enigste Hoëpriester" en "ons ewige Koning". Drie-in-een. Niemand was dit só voor Hom nie. Die naaste daaraan was die geheimsinnige priester-koning Melgisedek van Gen. 14:18. Jesus is dus gesalf tot die drie ampte wat in die Ou Testament bekend was: Profeet, Priester en Koning, maar in één Persoon.

* * *

Maar kyk nou wat die inhoud van die ampte van die Gesalfde was en is.

'n Profeet en Leraar, verkondig, hy maak bekend. Jesus is gesalf om aan ons "die verborge raad en wil van God" bekend te maak; wat in die hart en wil van God verborge was, moet Jesus bekend maak. En dit is: Ons verlossing! Wat 'n geweldige preek vir dié Leraar en Profeet: God het besluit om julle nou finaal te verlos. God het sy hart uitgepraat op die kruis. Jesus se hele profetiese bediening, tot aan die kruis, ná die opstanding en deur sy Gees tot aan die einde, is 'n bekend-maak van God se heilsplan; sy heelmaak-plan.

Maar ook 'n dóén daarvan. Dít doen ons Hoëpriester. Hy verlos ons deur te offer, maar nie 'n bees of 'n lam nie, Hy offer Homself. Diere-offers was maar skadu's en beelde, maar Jesus, die laaste en hoogste Hoëpriester, bring die hoogste offer — sy éie lewe, en betaal daarmee ons skuld.

*Die inhoud van die plan wat Jesus profeties bekend kom maak het, is nie een of ander vreemde handelswyse met die skepping of die geskiedenis nie, maar dit is die wonder van ons finale verlossing.*

Maar net soos Jesus profeet was in sy hele bediening, is Hy Priester tot aan die regterhand van God waar Hy nóú vir ons pleit. Iemand wat biddende hande ophef en pleit namens ander, is tog 'n priester. (Ps. 134:2)

En dan is Hy Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer — toe Hy hulle gespreek het, toe Hy hulle vervul het aan die kruis en nóú nog van die Troon af met die (sy) Gees-geïnspireerde Bybel. En Hy "beskerm en bewaar ons by die verlossing

wat verwerf is". Egte koningswerk, wat sy onderdane ontset het en hulle nou binne die mure van sy vesting beskerm en daar hou — wat miskien beter Afrikaans is as "bewaar".

* * *

Oor wat 'n Christen is, kan ons kort wees.

Ons is "deur die geloof" 'n ledemaat van die liggaam van Christus (hand, voet), deur net maar sy prediking te glo, en omdat ons deel van die liggaam is, waarvan Hy die Hoof is, die Kop, tap die olie ook op ons en kry ons "deel aan sy salwing" — sê die Kategismus in stram Afrikaans. Daarom word ons ook profete, priesters en konings.

***Toe Jesus, die Kop, gesalf is, het van die salfolie ook op ons, die ore, oë, hande, voete, d.i. ledemate, afgedrup. Só het ons lidmate, profete, priesters en konings geword.***

Profeties bely ons dan (nie ons s'n nie maar) sý Naam want aan Hóm kom die eer toe; priesterlik wy ek my lewe as 'n dankoffer aan Hóm want aan Hóm kom die dank (vir my verlossing) toe; en koninklik veg ek (uit sý vesting) teen die duiwel en die sonde "met 'n skoon gewete", want Hý het my gewete skoon gemaak toe Hy die sonde van my afgetel, op sý skouers gelaai en in sy graf begrawe het.

En ek sal koninklik hierná tot in ewigheid saam met Christus oor alle skepsels regeer. Dit glo ek vas.

Want ek glo die beloftes van die evangelie wat in die Twaalf Artikels saamgevat is; ook in Jesus ***die Christus*** glo ek.





**AFRIKA IS NIE DONKER NIE!**
Kos R5,00 per eksemplaar
(AVB en posgeld ingesluit)

## AFRIKA IS NIE DONKER NIE!
### deur D.C.S. van der Merwe

*Hoogs interessant en insiggewend. As die boek meer verbreid gelees kan word, kan ons in Suid-Afrika dalk tot suiwerder insigte kom oor die Swartman, sy doel en strewe.* — **Die Volksblad**

*Skriftuurlike lig op die praktiese politieke probleme waarmee ons daagliks gekonfronteer word.* — **In die Skriflig**

*(Die skrywer) sien hoop vir Afrika, en deur hierdie kontinent, vir die wêreld.* — **Die Kerkblad**

*Skerp, eg Reformatoriese insigte toegepas op die Suid-Afrikaanse en Afrika-situasie.* — **Woord en Daad**

Bestel by: Khomas
Posbus 20476
NOORDBRUG 2522

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/4 JULIE 1987

# DIE KERK, CALVYN EN WYN

'n Gemeente het wyn op die tafels by 'n gemeentefees toegelaat, 'n beswaarskrif ontvang, en toe die volgende leerstellige advies ingewin:

*Standpunt van die Gereformeerde kerke*
Nie een van die drie Gereformeerde susterkerke onderskryf 'n geheelonthouerstandpunt nie en skryf dit ook nie voor nie; wel 'n *matigheidstandpunt.*

*Calvyn*
Die grootmeester van die gereformeerde teologie, Johannes Calvyn, op wie se Skrifuitleg ons belydenisse geskoei is, stel dit só: "Laat dít ons beginsel wees: dat die gebruik van God se gawes nie verkeerd is as dit aangewend word vir die doel waarvoor dit bestem is nie. ... As ons daaroor besin waaroor God voedsel gemaak het, sal ons vind dat Hy nie net aan die noodsaaklikheid daarvan gedink het nie, maar ook aan die vreugde en geselligheid wat dit veroorsaak. ... As dit nie waar was nie, sou die profeet dit nie onder die gawes van God gereken het toe hy geskryf het: (U voorsien) 'wyn om mense se harte bly te maak, olie om die gesig te versorg...' (Ps. 104:15)." (Inst. 3,10,2)

> ***Calvyn sê iemand wat dink hy sal heiliger word as hy nie wyn drink nie, is die slagoffer van bygeloof. En as wyn sy gesondheid sou kon verbeter, en hy wys dit van die hand, sal hy sieker word, nie heiliger nie.***

"Kennis van die Christelike vryheid is uiters noodsaaklik; as dit ontbreek, kry ons gewetes geen rus nie en daar kom geen einde aan bygeloof nie. Mense dink ons hou ons met beuselagtighede op as ons 'n saak uitmaak vir die vryheid van die Christen om vryelik vleis te eet, aan te trek wat hy wil, om vakansie te hou ... maar dit is belangriker as wat hulle dink. Want as die mens se gewete eenmaal verstrik geraak het in 'n doolhof oor hierdie sake, ontsnap hy baie moeilik weer daaraan. As 'n mens begin te twyfel of dit toelaatbaar is om linne vir lakens, hemde, servette en sakdoeke te gebruik, sal dit nie lank neem nie, of hy begin twyfel aan hennep, en oplaas sal hy twyfel aan vlas; want hy sal daaroor tob of hy nie miskien kon klaargekom het sonder servette of sakdoeke nie. Sou hy 'n lekkerny verbode ag, sal hy later ongemaklik voel oor gesnyde brood en gewone alledaagse kos, want hy sal dink sy liggaam kan klaarkom met nog skraler voedsel. *As hy aarsel oor gesofistikeerde wyn, sal hy beswaarlik die swakste wyn drink met 'n skoon gewete*; oplaas sal hy nie lekkerder water wil drink as die gewone nie. ... As 'n mens eers betrokke raak in hierdie soort twyfel, sal hy, wat hy ook al doen, probleme kry met sy gewete. ... Ongetwyfeld is ivoor en goud en rykdom, die goeie skeppings van God, toelaatbaar, nee, bestem deur God vir die gebruik van die mens; dit was nooit verbode om te lag, versadig (geëet) te wees ... *of om plesier te word deur musiek of om wyn te drink nie."*
(Inst. 3,19,7&9)

Voorts sê Calvyn dat die Here Jesus wyn as nagmaalsakrament uitgekies het omdat dit ons vrolik maak (Inst. 4,17,3); dat mense wat hulle van die drink van wyn weerhou omdat hulle dink dat dit hulle heiliger maak, bygelowig is (Inst. 4,13,4) en dat dié wat die drink van wyn wat hulle gesondheid sou bevorder het, van die hand wys, sieker in plaas van heiliger sal word. (Inst. 4,13,9)

*Misbruik*
Iemand wat hieruit die indruk sou kry dat Calvyn dronkenskap en brassery goedpraat, het dit egter mis. Juis die gebalanseerde matigheidstandpunt van Calvyn het die gereformeerde kerke altyd as standpunt aanvaar. Calvyn sê: As die gawes van God misbruik word, wyk ons af van die korrekte gebruik daarvan. "Laat die mense daarom alle onmatige begeertes onderdruk .. sodat hulle die gawes van God met 'n skoon gewete kan gebruik." (Inst. 3,19,10)

*Die Skrif*
Dat Calvyn se standpunt Skrifgetrou is, lê voor die hand. Meer as eens spreek die Skrif hom uit teen dronkenskap (Spr. 4:17, 21:17, Jes. 5:11, 5:22; Hab. 2:5) maar nog meer dikwels hou die profete wyn voor as 'n gawe en 'n seën uit die hand van die Here. (Pred. 9:7 — drink jou wyn met 'n vrolike hart —, Jes. 1:22, 25:6 — op hierdie berg gaan die Here 'n feesmaal gereed maak vir al die volke, 'n feesmaal met die beste om te eet en te drink, goeie kos en geurige wyn — 55:1, Sag. 10:7 ensovoorts. Die Here Jesus het vryelik wyn gedrink en selfs water in wyn verander. Paulus beveel dit by Timoteus aan vir sy gesondheid (1 Tim. 5:23)

*Voorbeeld?*
Die voorbeeld wat die kerk moet stel, ook die kerk as "organisme", sy lidmate-korps, moet 'n voorbeeld wees van gebalanseerde matigheid, en nie van 'n soort selfkastyding en askese wat meer eie aan 'n klooster is nie.

*Aanstoot*
Die "aanstoot" wat "baie getroue lidmate" neem, is, in die lig van voorgaande, op onkunde gegrond en hulle moet taktvol ingelig word. Niemand word verplig om wyn te drink nie, maar die kerk moet lidmate wat die vryheid van die Christen (aldus Paulus, Luther, Calvyn) nie hoog ag nie en mede-Christene veroordeel, vermaan.

*Kinders*
As ons 'n matigheidsvoorbeeld aan ons kinders stel, kan ons skaars iets beter doen. Waar dit nie gebeur nie, ervaar die kinders die kerk as lewensvreemd en hulle ouers as huigelagtig. By die huis drink hulle wyn, maar by 'n groot ete-fees by die kerk is wyn skielik verbode. Dit wek allerlei botsende emosies en valse skuldgevoelens wat nié op die Skrif gegrond is nie.

# GELOOFSEKERHEID — NOG EENS

Op 'n predikantekonferensie 'n hele tyd gelede — 1983 of '84 — wat byna end-uit 'n regsinnige fees was, kom geloofsekerheid toe weer ter sprake. Veral die sekerheid wat katkisante by hulle belydenis bely. En die immer weerkerende geredekawel oor objektiewe heilsfeite en die subjektiewe belewenis daarvan. Die een wys na die kruis en sê julle staar julle blind op die mens. En die ander meen dat die eerstes die aandeel van God oorbeklemtoon ten koste van die aandeel van die mens.

Maar dit is nie 'n kwessie van aandele nie. Dit is nie 'n onderneming met 'n Besturende Direkteur en 'n menigte aandeelhouers nie. Dit is nie 'n werk waarin God en ons saamwerk nie. Hierdie opvatting is die welomskrewe dwaling van sin-ergisme — samewerking, koöperasie. God doen die heilswerk alléén. Ons "werk" is om maar net dankie daarvoor te sê.

Maar geloofsekerheid.

Dis eintlik baie eenvoudig.

God sê: Ek het jou by jou naam geroep, jy is myne. Hy sê dit die helderste met die kruis — wat Hy met die doop en nagmaal staaf. En die mens hoor en glo dit. En die oomblik as hy dit hoor, hét hy sekerheid. Glo beteken om sekerheid te hê. Per definisie. Dit is weet dat wat God sê waar is. Dit is om wat God sê, vir waar te hou. Glo is om God te glo.

Maar jy het nie sekerheid omdat jy glo nie. Glo en seker wees is dieselfde ding. Jy het sekerheid omdat Gód sê. Geloof, glo, is om te sê dat God jou sekerheid gegee het. Jy het verlore gevoel, sonder hoop en sonder God in die wêreld. En toe sê God: Nee, jy is nie verlore nie. Jy is myne. Ek het jou by jou naam geroep. Ek het jou skuld op Golgota betaal. Neem, eet, dit *is* my liggaam, wat vir jóú gebreek word.

Daarom sê ons, en ons sal dit bly sê: Ons sekerheid lê in God se Woord. Ons is seker omdat Gód sê. Ons het geloofsekerheid omdat ons glo wat Gód sê. Geloof en sekerheid is dieselfde ding. Daarom kan ons net sowel sê: Ek gló. God het gespreek, en ek het dit geglo. Dis onmoontlik om onseker te wees as jy glo. As jy onseker is, glo jy nié. As ek vir jou sê ek het jou skuld by die bank betaal, en jy glo my, dan weet jy dat jou skuld betaal is. Dan is jy bly.

***Die hemel is nie 'n onderneming met 'n Besturende Direkteur en 'n menigte aandeelhouers nie.***

Daarom sê ons altyd, en ons sal dit ook bly sê: Ons het nie sekerheid omdat ons ons hart vir die Here gegee het nie. Jy gee jou hart vir die Here (waar staan dit in die Bybel?) omdat jy sy woorde, sy evangeliewoorde glo. Om jou hart vir die Here te gee, is om van harte te glo wat God sê — dat Hy jou skuld betaal het.

Daar is dus geen sprake van dat 'n mens "objektiewe heilsfeite" kan oorbeklemtoon ten koste van "subjektiewe heilsekerheid" nie. Nie as jy weet wat jy doen nie. Die heilsfeite is (die grond van) ons sekerheid. Die heil is 'n feit — daarom glo ons dit. As God sê dis 'n feit, hoe sal ons Hom nie glo nie.

Ons het dus nie te maak met twee faktore nie. Ons het te doen met 'n *relasie*, 'n verhouding. God spreek, ons hoor-en-glo. God sê, ons hoor wat Hy sê, en ons glo dit. Voor ons Hom dit hoor sê het, was ons onseker, maar toe ruim Hy die onsekerheid uit die weg. Toe is ons seker.

As iemand dus vra: Is jy seker? Sê ons ja. As hy vra: hoekom is jy seker?, sê ons: omdat God so sê. Omdat God sê dat ek sy kind is. Ek is sy kind omdat Hy my aangeneem het — dit is wat Hy in sy Woord sê. En Hy het dit ook nog met 'n sakrament bevestig, oor-gesê, om my nog méér sekerheid te gee. Ek is seker omdat God nie onwaarheid sal praat nie.

* * *

> ***Waar staan dit in die Bybel dat 'n mens jou hart aan die Here moet gee in ruil vir jou saligheid?***

Hoewel dit so kinderlik eenvoudig is, weet ek dat daar mense sal wees wat sal sê: Nee, maar 'n mens moet *kies*. Jy moet op 'n punt kom waar jy uitdruklik vir God kies. Hulle sal sê ek sê dit nie duidelik genoeg nie.

As 'n mens dan die woord kies moet gebruik, dan moet jy dit maar gebruik. Ek sou verkies om te bly vashou daaraan dat Gód gekies het, óns kant, dat Hy ons uitverkies het. Ek sou wou bly sê dat ons moet *glo*, niks meer nie en niks minder nie. Want geloof, glo, is intrinsiek leeg. Dit is respons, antwoord. Kies is aktief. Glo is passief. Dit is so moeilik om (regsinnig) te sê dat daar nie één greintjie kreatiwiteit in ons glo is nie, en dié glo dan kies te noem.

Maar goed. Daar is geen sprake van dat ons maar op twee gedagtes moet bly hink nie. Die hele bedoeling van evangelie en kerk is dat jy uitstaan eenkant toe en sê: Ek staan by God en sy kerk. Ek het Hom lief — omdat Hy my eerste liefgehad het. Ek het sý kant gekies omdat Hy my uitverkies het. Ek volg Christus, omdat Hy alleen in my plek Golgota toe geloop het. Ek is begeesterd vir sy saak omdat Hy my van Pinkster af al be-Geester het.

As ons hierdie kies vir God só opvat, dink ek, sal daar tog nie sprake kan wees daarvan dat mense met 'n ek-is-heiliger-as-jy houding op sy broers in die gemeente kan neersien nie. Dan sal hy tog nie begin om koring en onkruid eiehandig te skei nie. Hy sal tydig en ontydig die evangelie vertel: Van hoe God toe gedoen het wat ons nie kon nie. Ja, vir jóú ook. Dít is wat jou kerklidmaatskap beteken. Jy is 'n deel van Christus se liggaam, wat uit die dood opgestaan het.

Jy sal dit vertel *om geglo te word*. Sodat die mense seker kan wees van dít waarin hulle onderrig is.

---

# DIE RAAISEL IN DIE SPIEËL



By 'n konferensie sê 'n mooi saggeaarde akademikus — wat ook 'n dominee is — oor bekering dat die skille nie eensklaps van almal se oë afval soos van Paulus s'n nie. Vir die meeste mense klaar die mis geleidelik op. "Ons kyk", sê hy, "ten minste in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld."

Omdat hy, in die selfde referaat, ook die mening uitspreek dat die Heidelbergse Kategismus darem soms tekste half uit verband aanhaal — soos óns dit vandag nie meer sal doen nie —, vra iemand hom (bietjie moedswillig) of hý nie 1 Kor. 13:12 (hierbo) uit verband aanhaal nie? Die verband is tog duidelik: Paulus wys die Korintiërs wat spog met die geestesgawes 'n beter weg aan, naamlik dié van die liefde. Van die beheptheid met praat in tale sê Paulus: "toe ek 'n *kind* was het ek gepraat, gebabbel soos 'n kind, maar as ek *groot* is, praat ek liewer vyf woorde wat sin maak (1 Kor. 14:19). Net so wat die profesie betref waarmee hulle spog: Profesie hier en nou is maar verward en raaiselagtig soos in destyds se metaalspieëls. Die helder, eenvoudige woorde van God is...

Toe staan 'n professor op die konferensie op en sê dis nie waar nie! Paulus maak 'n eskatologiese uitspraak. En die vraesteller sê goedig die professor moet tog maar weer na die teks gaan kyk.

Wat eersgenoemde toe tuis gaan doen, en, sê FJ Pop in 'n gewilde moderne kommentaar: "Die gawe van die profesie maak nie (noodwendig) foute nie, maar deel aan die gemeente raaisels mee. ... *Nóg 'n rede om die waarde daarvan nie te oorskat nie*".

Na bl. 26

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/4 JULIE 1987

# DIE GEHEIM VAN DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS

*Hoewel SWART OP WIT eintlik gemik is op die denkende gereformeerde lidmaat, het dit so gekom dat die meerderheid intekenaars tans predikante (van die drie susterkerke) is — wat te besig is om hulle (reg-)denkende lidmate as intekenaars te werf. Hierdie artikel is daarom 'n keer bietjie meer op die teoloë gemik — hoewel ek seker is dat as die "denkende lidmaat" effe harder dink, hy ook daardeur meegevoer sal word.*

Oepke Noordmans het al meer as een geheim vir my ontrafel. Dit wil egter voorkom asof hy onvertaalbaar is in Afrikaans, want hy skryf dekades gelede in 'n kerkwêreld wat min van ons ken, en hy bedien hom van 'n aforistiese styl wat blykbaar nie oral ewe maklik verstaan word nie. En tog word dit wat hy skryf, meesal gedra deur 'n kinderlike eenvoud.

Beste, lyk dit my, om die wonder van Noordmans met die ander te deel, is om hom nie net te vertaal nie, maar hier en daar te parafraseer; hom Afrikaans vir Afrikaners te laat probeer praat. Maar dan kan jy nie meer sê dat Noordmans alles sê nie. Dan moet jy iets sê soos wat onderaan rekenings staan: FWU — foute en weglatings uitgesluit. As ek verdraai, of self verkeerd verstaan, kom dit dus op mý rekening.

* * *

"Noordmans" dus: Toe die godsdiensvrede van Augsburg in 1555 in Duitsland gesluit is, het die gereformeerde belydenis nog in sy kinderskoene gestaan. Die gereformeerde godsdiens is nie beskerm deur (Duitse) vorste wat bepaal het wat in hulle gebied amptelik geglo word nie. Die gereformeerde belydenis moes in 'n soort vakuum op sy eie bene probeer staan. In die Lutherse wêreld is die ouderlinge-regering, die gemeentelike tug en ten dele ook die diakonale armsorg as te gevaarlik beskou — iets waarmee op die tone van die vorstelike regering getrap kon word.

Maar Calvyn het hierdie drie dinge nodig gehad om sy vrye kerk selfstandig en weerbaar te maak. So het daar in die gereformeerde kerke 'n leefwyse onder regstreekse invloed van die prediking ontstaan wat 'n eiesoortige mens geskep het. Sonder om, soos die wederdopers, die hemel na die aarde af te trek, wou die gereformeerdes tog skildwag staan vir die ewigheid. (Inst. 3,9,4)

> *Tussen die toonhoogte van die belydenis van ons ellende en van dié van ons dankbaarheid, is 'n verskil, wat so groot is dat daar in die belydenis as vanself 'n klimmende lyn kom wat dit maak tot 'n lofprysing van God.*

*En hierdie mense het aan die uitverkiesing vasgehou as 'n heilige bestemming, waaraan al die aardse dinge ondergeskik is.* (Aan hierdie stelling moet u vashou, want hierheen beweeg Noordmans se uitnemende opstel weer aan die einde.)

Met hierdie bestemming hang saam dat die skepping in ons geloofsbelydenis nie in so 'n absolute sin 'n geloofsartikel kan wees soos wat dit in ander Christelike kringe dikwels die geval was nie. Alle Christene het wel geglo dat God die wêreld geskape het, maar nie almal het dit as basis, as uitgangspunt geneem nie. Sommige het groot nadruk daarop gelê dat die Bybel, as oorkonde, as rekord, van die openbaring, nie in die eerste plaas geskryf is om aan ons bekend te maak dat God alle dinge gemaak het nie. Die doel van die openbaring-op-skrif was dat ons sou weet dat Hy sy Seun na die aarde gestuur het.

As aan ons gevra word wat die inhoud van die evangelie en van die prediking is, sal ons, die gereformeerdes, ook altyd eerste die laaste noem, en nie die skepping eerste nie. Die Bybel is nie 'n geskiedenisverhaal waarin alle feite dieselfde gewig dra nie. Daar is saligmakende rigting in die Bybelse geskiedenis en die profetiese en apostoliese prediking onderstreep dit. Dit behoort tot die amp van die Heilige Gees om die geskiedenis *in ons harte* te skrywe.

En as dít gebeur, kan 'n mens die drie (hoof-)stukke wat dikwels in die werk van die Drieënige God onderskei word — skepping, verlossing en heiliging — onmoontlik op dieselfde vlak plaas. Die mededeling van hierdie drie dinge maak in ons harte sulke verskillende reaksies wakker, dat die drie byna nie met mekaar vergelykbaar is nie.

Ons sou dit miskien soos volg kon onderskei: Die skepping het plaasgevind, die verlossing staan geskrywe en die heiliging word gepreek. Eers die laaste van die drie — "dat nie slegs aan ander nie, maar ook aan mý vergewing van sonde, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is" (HK 7), slegs dít maak die geloof "saligmakend". Die krag van die evangelie — sê Luther — sit in die voornaamwoorde, die "ek" en die "my".

Hierdie troos kan die mededeling dat God my geskape het, nie gee nie. Inteendeel, dit maak my nie salig nie, dit herinner my aan my ellende. Die belydenis van die skepping neem die vorm aan van kennis van ellende.

Dít is die Reformatoriese opvatting van die plek van die skepping in ons geloofsbelydenis.

Die indeling van die Heidelbergse Kategismus is (oor-)bekend: Op die vraag: In hoeveel (hoof-)stukke die leer van ons saligheid in lewe en in sterwe ingedeel word, lui die antwoord: "Drie stukke: eerstens, hoe groot my sonde en ellende is; tweedens hoe ek van al my sonde en ellende verlos is; en, derdens, hoe dankbaar ek God vir hierdie verlossing sal wees.

Dit is duidelik: waar daar in ander Christelike groeperinge (soos die Katolieke) in die eerste plaas van die skepping sprake is, en van die vermoëns waarmee die mens geskape is, of minstens van "klein oorblyfsels" van die beeld van God soos 'n vrye wil, word hier rond-uit die mens se ellende bely. Die kennis van die ellende word in Sondag 2 wel uit die wet leer ken, maar in Sondag 3 aan die skepping gemeet.

En die resultaat van die vergelyking word geboekstaaf in vraag en antwoord 8: onbekwaam tot enige goed, en geneigd tot alle kwaad, alles wat sleg is. Hiérdie vorm neem die belydenis van die skepping by ons aan.

***Dit is verbasend dat mense die struktuur van die NGB meesal so min raaksien dat hulle midde in die katastrofale geweld van die artikels oor die val, vashou aan die strooihalmpie van die oorgeblewe goedheid van die mens.***

Tussen die toonhoogte van die belydenis van ons ellende en van dié van ons dankbaarheid, is 'n verskil wat so groot is dat daar in die belydenis as vanself 'n klimmende lyn kom, 'n verheffing wat dit maak tot 'n lofprysing van God.

Want ons getuienis kan nie 'n ware belydenis wees as ons in die eerste deel 'n paar uitsprake sou maak oor natuur en gees, verstand en wil — om daarmee iets oor die wese van Skepper en skepsel te sê nie. As ons daarná die dogma as leidraad sou neem om 'n voorstelling te gee van die verlossing waarvan die Bybel vertel, en in die derde plek praat oor die genade wat met (of sonder) die sakramente van ons beter mense maak, doen ons dit op die Roomse manier. Dan bly daar in die belydenis drie wêrelde onverbonde langs mekaar staan: die natuur, die Bybel en die kerk. In die eerste stuk kom die mense dan voor as begaafdes, in die tweede as sondaars en in die derde as heiliges.

Dít is wat gebeur as ons die belydenis laat handel oor skepping, verlossing en heiliging of heiligmaking — wat min of meer altyd in die Roomse geloofsleer gebeur. Die natuurlike teologie, met sy wortels in natuur en kultuur, lê dan die grondslae. Dit wys aan ons die waarde van die mens en die menslike ras uit, wat selfs ná die val bely kan word. Die *dankbaarheid* het vir Roomse besef sy natuurlike plek by hierdie eerste stuk van die belydenis. (Dis so natuurlik soos 'n Boere-ouderling wat in die konsistorie éérste vir die reën dank.) Die derde stuk gaan dan oor die heiliges. Hulle het deel aan die vleeswording van die Seun — wat in hulle voortgesit word (as hulle in alles doen soos Jesus sou gemaak het). *Dankbaarheid* is nie die geskikte woord om hulle lewensgevoel te vertolk nie. Daarvoor is die heiligheid te eie aan hulle, te veel één met hulle wese. Die heiliges is die wese van die kerk, die vromes, die toegewydes. Het 'n mens vroeër die veiligheid in die kerk na vore gebring — soos in Noag se ark — tans hoor 'n mens veel meer (op 'n Roomse manier) van die heiligheid van die kerk.

* * *

As 'n mens nou teen hierdie agtergrond na die Nederlandse Geloofsbelydenis kyk, sou jy by die eerste kennismaking die indruk kon kry dat hierdie belydenisskrif nie aan die Reformatoriese sienswyse, gebaseer op die brief aan die Romeine, georiënteer is nie, maar aan die tradisioneel-Roomse.

Maar as jy die NGB van nader ondersoek, sal jy sien dat hy die Reformatoriese sienswyse selfs suiwerder verklank as die Heidelbergse Kategismus. In die NGB word nie eers oor die wet en sonde gehandel om daarná ook by die skepping uit te kom nie. (vgl. HK 9 en 10) Die Heilige Drievuldigheid word, na 'n inleiding oor die Godskennis, dadelik aan die orde gestel. En dan handel art. 12 en 13 skynbaar oor die skepping van die mens, en dán pas kom die val en die erfsonde.

Maar wie hierdie artikels noukeurig lees, merk dat hier oor skepping en voorsienigheid nêrens so neutraal gepraat word soos in Sondag 9 en 10 van die Heidelbergse Kategismus nie.

In die Nederlandse Geloofsbelydenis daarenteen, word die spanninge van die eintlike geloofsleer veel dieper betrek. Daar is in die konfessie van Guido de Bres geen aanleiding om oor reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare te praat nie. Die leer van die skepping en voorsienigheid bly meer Bybels. Dit staan geheel en al in die teken van die val en die voortvloeiende erfsonde en ellende. Dit is geen religieuse idille wat vir ons geteken word nie, maar Bybelse geskiedenis met alles wat daarin voorkom. In die Nederlandse Geloofsbelydenis sien ons die eerste skepping oorgaan in die val van die bose engele "wat soos moordenaars loer na die kerk". (art. 12)

In die daaropvolgende artikel word die voorsienigheid van God só gekwalifiseer dat God "sy werk beskik en doen, ook wanneer die duiwels en goddeloses onregverdig handel". Art. 14, waarin die skepping van die mens behandel word, gee nie 'n uiteensetting van die waarde van die mens nie. Weliswaar word in die begin van dié artikel in Bybelse terme oor die mens as beeld van God gepraat, maar dit word by wyse van *teenstelling* gedoen. 'n Leer van die waarde van die mens, word hier nie gegee nie. Die stuk is geskryf om die demonie van die val, die helse val, tot uitdrukking te bring.

***Is daar 'n grens aan die val? Dis 'n vreeslike vraag wat ons slegs in die gebed aan God kan vra, en daarom ook in die teologie.***

Dit is verbasend dat mense dit meesal so min raaksien en dat hulle, midde in die katastrofale geweld van die artikel, soos aan 'n strooihalm probeer vashou aan die "klein oorblyfsels" waarvan die artikel ook praat.

Dat dit hier wesenlik oor die val en nie oor die skepping gaan nie, altans nie oor die vormgewing nie maar oor die oordeel, blyk nog duideliker as 'n mens die oorspronklike Franse teks van 1561 of die Nederlandse vertaling daarvan in 1562, naslaan. Daarin word die mens se lyk-op-God, sy amper-soos-God wees, nog hoër aangeskryf: "er ontbrak alleen aan dat hy God was". (Hy was so hoog dat hy nog net God moes wees.) Maar dit word so gestel net om die val van die mens nog dieper te teken tot hy "aan die diere gelyk" is.

Hierdie laaste uitdrukking oor die diere kom nie voor in die Franse Geloofsbelydenis nie, en dit is later ook uit die Nederlandse een uitgesuiwer. Laasgenoemde is later min of meer vermenslik en die demonie ietwat teruggedring. Die oorspronklike figuur en struktuur word nog slegs in die één sinnetjie verraai: "Maar as hy in ere was, het hy dit nie verstaan nie." Dit is 'n aanhaling uit 'n psalm, maar was oorspronklik uitdrukking van 'n opvatting oor die val.

Maar ook die meer sobere uitdrukkingswyse van die Franse geloofsbelydenis en van die hersiene Nederlandse bly hom in hierdie artikel besighou met die val; dit stel belang in die skepping slegs dáárin dat dit die diepte van die val uitbeeld. Die Franse belydenis sê dat deur die vervreemding van God die natuur van die mens heeltemal (*du tout*) bederf is, en dat hy sy volmaaktheid verloor het, sonder om iéts daarvan oor te hou (*rien de résidu*). Weliswaar maak die mens nog hier en daar onderskeid tussen goed en kwaad, maar tog bely ons dat hierdie lig in duisternis verander het — wanneer daar sprake is van die soek na God. Deur sy verstand kom die mens nie 'n tree nader aan God nie.

> ***Ps. 49 sê die dood van 'n mens sonder wysheid, is aan dié van die diere gelyk. In Dan. 4 kom dit Nebukadnesar al in sy lewe oor.***

Met die wil is dit net so. Daarmee kan hy wel "dit en dat", een en ander, wil, maar sy wil bly gevange onder die sonde en het geen vryheid om goed te doen nie, behalwe as God dit (toevallig) so beskik. Let hier goed op na die verband tussen die *goed* en *sleg*, waartussen die mens onderskeid maak, en die *dit* of *dat* wat hy probeer wil. Die rede, die verstand, staan nie hoër as die wil nie. Géén oorblyfsel (*rien de résidu*) — so staan dit hier. Die kennis van goed en kwaad, is in hierdie leer, net soos in die Bybel, 'n moment in die val self. Dit is 'n ontkenning van die verstand en die wil in die egte sin van hierdie woorde.

Minder kernagtig, ietwat breedvoeriger en met Bybeltekste gestaaf, staan dieselfde dinge in die Nederlandse Geloofsbelydenis soos dit te Dordrecht vasgestel is. Die artikel is wel, as belydenis van die val, reeds vroeër ietwat gesuiwer, maar die "klein oorblyfsels", waarvan hier sprake is, wil net so min die grondslag vir 'n leer van die mens vorm as die "geen oorblyfsels" van die Franse konfessie. In die Franse belydenis word gesê dat wat oor is in die mens vir die verkeer met God van géén betekenis is nie, en in die Nederlandse dat wat oorgebly het, ons net nog skuldiger maak.

As geheel geneem, bly art. 14 van ons konfessie 'n verskil vertoon met dieselfde artikel in die Franse. Ook nadat die bogenoemde versobering in die NGB plaasgevind het, bly dit die beskrywing van 'n *gebeurtenis*, terwyl die Franse belydenis 'n *toestand* beskrywe. Dit is minder verstandelik as dié van Calvyn (waarop die Franse belydenis regstreeks gebaseer is) en besit epiese trekke wat aan Vondel en Milton herinner.

Die geskiedenis uit Gen. 3 sit daarin; die mens het sy ore uitgeleen "aan die woorde van die duiwel". En die gevolge word beskrywe soos in Rom. 1 en 2. Die *Nederlandse* Geloofsbelydenis is 'n weergawe van die lees van die Bybel, meer as van die tradisionele leer. Dit is nie 'n artikel van die Apostoliese Geloofsbelydenis nie, maar 'n belangrike hoofstuk uit die Skrif. Dit is die leer van die ellende, volgens die hoofindeling van die Kategismus, en nie 'n stuk van die skepping uit Sondag 9 en 10 nie.

> ***'n Gevalle engel word nie 'n mens nie, maar 'n duiwel; 'n gevalle mens word nie 'n dier nie, maar onder hom gaap die verdoemenis.***

Daarom vra 'n mens jou af of die val ook grense het. As daar dan geen leer van die mens is nie, ook al laat die artikel na sy hersiening nie meer die hele ruimte tussen God en die diere vir die val van die mens oop nie — as daar dan tog geen leer van die mens is nie; geen korrekte bepaling van sy vermoëns nie; geen verstand, geen (vrye) wil nie, maar duisternis en slawerny; as hy, minstens met sy verstand God nie kan ken nie en met sy wil die goeie nie kan bereik nie; as daar altans geen verstand en geen wil is wat in 'n geloofsartikel tuishoort nie, omdat dit nie gelykvormig is aan die verstand en die wil van God nie; as die goed en die sleg wat die mens self sou kon ken, en as die "dit" en die "dat" wat hy kan wil vir sy eie saligheid sonder betekenis is; as dit by die skepping waarmee ons in aanraking kom, nie gaan om 'n vorm nie, maar om 'n val — waar is dan die grense van dié val? Waar het dit begin en waar sal dit eindig?

Dit is 'n vreeslike vraag, wat ons slegs in die gebed aan God kan vra en daarom ook in die teologie. Wie dit van 'n ander kant probeer benader, moet wis en seker in twyfel en wanhoop verval.

> ***Die val van die mens word nie êrens gestuit deur oorblyfsels, of deur die humaniteit of selfs deur die kondisie van die diere nie. Dít sou 'n treurige belydenis gewees het.***

As in die eerste uitgawe van ons belydenis die onderste grens by die diere gestel word, dan word dit nie biologies (of dierkundig) bedoel nie, maar daar skuil 'n Bybelse voorstelling agter. In Ps. 49 stel die dood die mens wat in waarde — dit is in eer en aansien — is, maar wat geen verstand het nie, nie wys is nie, aan die diere gelyk. Dit is geneem uit die Ou Testamentiese wysheidsleraars en spreukedigters. In Daniël 4 kom dit Nebukadneser al in sy lewe oor. Ons geloofsbelydenis pas dit op Adam toe: Toe hy in ere was, het hy dit nie verstaan nie. Hy was nie wys gewees nie; dat hy daarom aan die diere gelyk geword het, het oorspronklik wel in die belydenis gestaan, maar dit is sedert 1611 vervang. Dit is enersyds jammer, omdat die voorstelling nou nie meer volledig is nie, maar andersyds is dit goed, aangesien daarmee die gevaar besweer is dat die val 'n biologiese grens sou kon kry. Daar is van oudsher af 'n populêre filosofie waarin die mens die ruimte tussen God en die diere resloos opvul. Die val sou dan kon beteken dat die mens teen sy onderste grens teruggewerp word. As die mens 'n met rede begaafde dier is (*animal rationale*) en hy "dit nie

verstaan het nie", dan sou hy aan die diere gelyk word. Hy sou nie meer *homo sapiens* – d.i. mens – wees nie.

Sulke voorstellings het ons konfessie vermy, omdat dit ook van die begin af vreemd was aan die bedoeling daarvan. So 'n betreklik veilige terugsink op 'n laere trap, op 'n beskermende grens, is die val nie. Wanneer in art. 14 die verligte rede en die vrye wil ontken word in die gevalle mens, dan is dit erger as die spesifieke kenmerke van 'n soort wegval waardeur hy eenvoudig deur 'n laere groep, die diere, opgevang sou kon word. 'n Gevalle engel word nie 'n mens nie, maar 'n duiwel; 'n gevalle mens word nie 'n dier nie, maar onder hom dreig die verdoemenis.

***Die verdoemenis is die grens, en 'n ander grens is daar nié – as God nie tussenbeide tree nie.***

'n Grens is hier nie te soek en te vind nie: "klein oorblyfsels" het in dié verband géén positiewe betekenis nie. Die plek waar die verligte rede aanwesig was, word buitenste duisternis en die vrye wil wat verdwyn het, laat nie 'n vakante plek nie, maar skep slawerny en chaos. Dit is 'n val en geen vorm nie, wat ons in art. 14 bely.

Tog is ons altyd weer geneigd om in die "klein oorblyfsels" uit art. 14 van die NGB 'n sekere troos te soek, asof die val ten slotte êrens op stuit en asof daar in die skepping êrens 'n grens, 'n maat, sou loop waarby die val nie verby kan gaan nie. Dit sou dan die "vonkies" wees waarvan Calvyn praat (Inst. 1,15,3) en die "klein oorblyfseltjies" van art.14 NGB, sodat die "rien de résidu" van die Franse belydenis as 'n oordrywing beskryf sou kon word.

Nou is dit waar dat Calvyn, in sekere verband, graag tot die menslike lewe, die humanitas, sekere dinge reken wat hy daaraan onafskeidelik ag, onder meer die kerklike en burgerlike moraal. (4,20,2) Dit is die uiterlike middels wat God aan die pelgrim na die ewigheid saamgegee het, solank hy op aarde is. Maar wanneer Calvyn, in die vierde boek van sy Institusie hierdie leer van die middele opstel en saamstel, dan doen hy dit nie aan die onderste nie, maar aan die boonste grens van die humaniteit. Hy is dan nie besig om 'n skeidslyn tussen die mense en die diere te trek nie, maar tussen God en mens. Mensheid wil hier sê dat ons maar-mense is en nie byna-gode nie. Ons het die hulpmiddels wat God daargestel het om die vergadering van die uitverkorenes moontlik te maak, nodig en mag dit nie verag nie. Calvyn distansieer hom hiermee van die Doperse sektes, wat dít wel doen – die veragting van die "wêreldse dinge" in die kerk,

***Ons belydenis is swanger aan 'n geheimenis. Hy wil dit nie nuuskierig ondersoek nie, hy wil net uitwys wat God aan ons openbaar.***

soos organisering van geld. Die menslikheid wat Calvyn hier op die oog het, is dus nie oorblyfsels van die oorspronklike skepping nie, maar 'n middel tot beskerming van die herskepping.

Met iets anders het ons te maak as Calvyn in boek 1 en 2 van sy Institusie oor die beeld van God handel en daarby die sielsvermoëns van die mens, verstand en wil, bespreek. Maar dáármee gaan hy dan só om dat alle valse gronde weggeneem word. Hy stem met Krisostomus saam dat die *humilitas* (nederigheid) die fondament van ons lewensbeskouing moet wees, en sê daar niks van die *humanitas* nie. Die geregtigheid kom van God af, haal Calvyn Augustinus aan. Op jouself aangewese, is jy 'n Satan. Dat jy salig word, het jy aan God te danke. Calvyn stel dus as grens van die val nie die "cleyne voncxkens", wat so beroemd geword en dit so weinig verdien het nie.

Doedes het dit nie begryp nie. In sy verklaring van art. 14 NGB skryf hy: "Hier is die artikel met homself in stryd. Indien die mens al sy uitnemende gawes wat hy van God ontvang het, deur die sonde verloor het, dan het hy daar níks van oorgehou nie, en indien hy van die gawes niks anders oorgehou het as klein oorblyfsels nie, dan het hy nie alles verloor nie. Dit is duidelik."

Maar dit is nie so duidelik nie. Want as daar van die geregtigheid 'n aanklag oorbly, van die heiligheid sonde, van die kennis van God duisternis, en van die vrye wil slawerny, dan het daar nie alleen niks nie, maar minders as niks nie, oorgebly. Doedes gee blyke dat hy dit ook heel duidelik ingesien het as hy onmiddellik verder skryf dat "hier gepraat word van gawes wat die mens òf het òf nie het nie, maar wat 'n mens nooit gedeeltelik het nie." Hy val egter slegs oor die keuse van altwee die bekende woordjies, wat alleenlik uit die geheel van Calvyn se Institusie opgehelder kan word. Uit

***Die leer van die hemelse Bruidegom wat deur die Vader aan die bewende en vlugtende gevalle bruid belowe word, besit 'n innige skoonheid waarby geen vormskoon haal nie.***

die Franse geloofsbelydenis en uit die oorspronklike Hollandse, blyk trouens dat dit *vir die geloof* nie as oorblyfsels geld nie, en dus eintlik as sodanig geen bestanddele van die konfessie uitmaak nie.

* * *

Ons belydenis ken geen ander antwoord op die vraag na die grense van die val nie. Die val word nie êrens gestuit deur die oorblyfsels of deur die humaniteit of selfs deur die kondisie van die diere nie. Dít sou 'n treurige belydenis gewees het.

Dit blyk baie duidelik daaruit dat op art. 14 oor die val, 'n art. 15 oor die erfsonde volg: "Ons glo", so begin dit. "dat deur die ongehoorsaamheid van Adam die erfsonde uitgebrei het oor die hele menslike geslag en dat dit 'n verdorwenheid is van die hele natuur en 'n erflike gebrek, waarmee selfs die klein kindertjies besmet is in hul moeder se liggaam en wat in die mens allerlei sonde voortbring – omdat dit die wortel van die sonde in hom is; dié erfsonde is so aaklig en gruwelik voor God dat dit genoegsaam is om die hele menslike geslag te verdoem."

Die verdoemenis is hier die grens, en 'n ander grens is daar nie, as God nie tussenbeide tree nie. Die val gaan so ver as wat maar kan, omdat dit afval van God is. Ons belydenis sê: "...en (hy) het hom van God, wat sy ware lewe was, afgeskei." Daarom word hy nie gemeet deur biologiese kategorieë of deur wysgerige onderskeidinge en bepalinge van ons moraal nie, maar deur die oordele van God. Wat afval van God beteken, is vir Gód om te beoordeel. Daarom word die afval in art. 14 beskrywe met Bybelse uitdrukkinge soos algehele bedorwe natuur, liggaamlike en geestelike dood, vyandskap teen God.

Hierdie dinge staan in ons konfessie in die artikels waar 'n mens, volgens die indeling skepping, verlossing en heiliging, billikerwys heeltemal ander dinge sou verwag het. Indien dan nie 'n vormleer van die geskapene nie, dan minstens 'n vrome uitbeelding van 'n voorsienigheidsleer in die gees van Sondag 9 en 10, en van baie aanhalings uit die Christelike liedereskat. Laasgenoemde vroomhede skyn dan ook in art. 13 aanwesig te wees. Maar as ons van naderby kyk, blyk dit dat die eintlike bedoeling van hierdie artikel is om te handel oor die regering van God oor duiwels en goddeloses, en oor sy mag om uit die slegte die goeie te laat voortkom.

> ***Ons is gewoond om by die leer van die skepping ánder byvoeglike naamwoorde aan te tref — soos wonderlik en geweldig...***

Dit is 'n vervolg op art. 12 waarin die val van die bose engele beskrywe word, en pas dus in sy geheel en korrek in die leer van die val en die ellende. Die eintlike strekking is iets heel anders as dié van Sondag 10. Die belangstelling is hier nie by vrugbare en onvrugbare jare, gesondheid en siekte nie, maar by "die regverdige oordele van God wat vir ons verborge is", en waarin God, in sy mag, die bose in toom hou, en aan die val 'n grens kan stel.

Hierdie verborgenheid neem nog toe as, volgens art. 14, die regering van God die duiwels nie belet om dié mense wat hulle ore aan die duiwels uitleen, tot 'n val te bring nie; en volgens art. 15, wat die erfsonde beskryf, wat genoegsaam is om die ganse menslike geslag te verdoem.

Maar dan blyk ten slotte ook waarop hierdie hele artikelreeks oor God die Vader, gerig is; hierdie wonderlike leer, sogenaamd van die skepping, maar in werklikheid van die val. En tog ook weer nie oor die val nie, maar oor God se mag oor die val en oor sy goedheid, waardeur Hy aan die val 'n grens stel.

Want hierdie (hoof-)stukke van ons belydenis is swanger aan 'n geheimenis. Hy wil dit nie in alle opsigte verklaar nie, maar alleen daaruit leer dít wat God "ons aan- en uitwys in sy Woord", verder, dieper, wil hy die "regverdige oordele van God wat vir ons verborge is", nie nuuskierig (*curieuselijk*) ondersoek nie.

Wat daarvan (van Gods oordele) dan, aan die leerlinge van Jesus Christus openbaar is, word in art. 16 bely: "Ons glo dat waar die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in verderf en ondergang verkeer, dat God Homself bewys het as — wat Hy ook is —: barmhartig en regverdig. Barmhartig, deurdat Hy dié uit hierdie verderf optrek en verlos wat Hy in sy ewige onveranderlike raad, slegs uit jammerhartigheid, uitverkies het in Christus, ons Here, sonder om hulle dade enigsins in ag te neem. Regverdig deurdat Hy die ander laat bly het in hulle val en verderf waarin hulle hulleself gestort het.

Hiér word die grens van die val aangewys: dit is die uitverkiesing van God. Dít is die eindpunt van die leer van God die Vader en ons ellende. Op hierdie verborgenheid was alle vorige artikels gerig. Hier staan geen Hooglied van skeppingsvorme en -ordinansies soos êrens by Cicero nie; geen stuk vol van voorsienigheidsinnigheid, soos êrens by Plutarchus nie. Hier staan die Bybelse leer van die skepping, wat in art. 17 aan ons in 'n paar ontroerende woorde beskrywe word. "Ons glo dat ons goeie God, deur sy wonderlike wysheid en goedheid, toe Hy sien dat die mense hulleself in die liggaamlike en geestelike dood en daarmee in algehele ellende gestort het — dat God agter hulle aan gegaan het om hulle te soek, toe hulle al bewende voor Hom uitgevlug het, en hulle getroos het deur aan hulle sy Seun te belowe."

Hierdie leer van die hemelse Bruidegom wat deur die Vader aan die bewende en vlugtende gevalle bruid op aarde belowe word, besit 'n inwendige (innige) skoonheid waarby geen vorm-skoon haal nie, en hierdie mistiek 'n innigheid wat dié van reën en droogte, blare en gras, ver oortref. Die Vader is dan tog ook die Skepper. Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus (Efes. 2:10). Maar Hy is só ons Skepper-Vader dat die skepping by die verlossing aansluit en daarin oorgaan. Die eerste (leer-)stuk is oor ons ellende.

So verstaan ons ook die geweldige art. 16 wat ons hierbo uitgeskryf het. Daar staan dat God "uitverkies het in Jesus Christus". Die Seun is die grens van die val. Hy is die begin van die skepping; die eersgeborene van alle kreature (Kol. 1:15). Alles val in Jesus se arms.

Art. 16 beskryf wat Calvyn genoem het: die "vreeslike besluit", die *decretum horribile* (3,23,7) van God. By die bespreking van art. 14 oor die val van die mens uit die beeld van God, het ek al daarop gewys dat die val gemeet moet word aan die oordele van God. Hier gebeur dit nou. Die "horrenda deformitas", die skrikwekkende mismaaktheid, waartoe die beeld van God verval het, word die voorwerp van 'n "decretum horribile".

Ons is gewoond om by die leer van die skepping ander byvoeglike naamwoorde aan te tref. Die skeppingsvorme bring ons by (menslike) oordele soos *mirabilis* en *magnificus*. Maar die Here sien die hart aan. Sy oordele gaan dieper. En hulle pas beter by die werklikheid van hierdie wêreld.

> ***Die weg na die skepping word versper deur 'n engel met 'n vlammende swaard. Slegs die weg na Golgota staan oop.***

Ons moet met ons belydenis in die weg van Gods oordele bly. Ons mag nie, op watter manier ook al, na dié van die skeppingsvorme terugkeer nie. Die weg na die paradys word versper deur 'n engel met 'n vlammende swaard. Slegs die weg na Golgota staan oop. Art. 17 staan soos 'n rigtingwyser juis midde in ons konfessie, soos op 'n tweesprong, 'n waterskeiding.

Vlak daarvoor staan die artikel oor die groot verborgenheid, waaruit die openbaring te voorskyn kom. Wie op hierdie punt ons belydenis ondersoek, sal moet toegee dat hy, die belydenis, hom hou aan die voorneme om die oordele van God nie nuuskierig te ondersoek, meer as wat ons begrip kan verdra nie. In art. 17 word die weg van die openbaring dan ingeslaan en op dié weg, dié pad, wandel al die verdere artikels van die NGB. Dit is die belydenis van die gemeente

***Dat hierdie God ook regverdig is, het ons gereformeerde vaders baie goed geweet en hulle het dit ook bely, maar nie verder ondersoek nie. Hulle het geleef by die barmhartigheid van God.***

wat tot in ewigheid nie sal ophou nie, omdat dit handel oor hoe God aan die val 'n grens gestel het. Dit is die geloofstuk van God die Vader en ons ellende. Van God die barmhartige.

Dat hierdie God ook regverdig is, het ons vaders baie goed geweet en hulle het dit ook bely, maar nie verder ondersoek nie. Dat die val voortgaan tot by die verdoemenis, het hulle nie ontken nie. Die wêreld ontken dit, die kerk nie. Maar terwyl die gemeente leef van Gods barmhartigheid, ondergaan die wêreld God se regverdigheid. Want die dag van die Here van die Leërskare sal wees teen elke hovaardige en hoë en teen alles wat verhewe is — om dit te verneder...

En teen al die hoë torings, en teen elke vaste muur.

En teen al die skepe van Tarsis.

Dit is teen alle vaste vorme.

Maar 'n gebroke hart sal God nie verag nie.

Dít is die leer van God die Vader in ons belydenis.

# MEDEDELING VÁN DIE HEIL

Alleen wanneer kerklike prediking verkondiging van die Skrif is, kom God self daarin aan die woord om sy genade in Jesus Christus toe te sê — of mee te deel in die pregnante sin van "deel gee aan". (HW Rossouw — oor Calvyn)

# LIEFDE EN GELOOF

Jy kan nie liefhê as jy nie glo nie — jy kan net jouself liefhê — want egte liefde rig hom, soos die geloof, op 'n objek, op iets buite homsélf.
(Gert Duursema)

# SOLA FIDE

Die regverdigmaking deur die geloof alléén (sonder die goeie werke — MM), is die crux, die hart van ons godsdiens. (Inst. 3,11,1)

**Van bl. 20**

En 'n uiters wetenskaplike kommentaar sê van vers 11: " 'Spake as a babe' may allude to the childish fondness of the Corinthians for glossolalia."

Natuurlik het Paulus se woorde 'n eskatologiese, 'n eind-gerigtheid, maar die konteks waarin hy dit sê, is die sinlose wedywering van die Korintiërs.

**Van bl. 28** **'N REGVAARDIGE MAN**

Toe was die aankoms daar. Asof 'n onsigbare roltrap my op 'n gelyk vlak uitstoot, was ek daar, tandem felix, eindelik gelukkig. Die allermooiste mense in wit klere staan in groepies en gesels. Onuitspreeklike blydskap en liefde straal uit hulle uit. 'n Jong vrou kom my tegemoet. Sy neem my hande in haar sagte warm hande. Sy het die mooiste groen jongmeisie-oë. Gelyktydig herken ons mekaar: dis my moeder.

En sy sê: "My jinne, dis mos Niklaas!"

En ek vra: "Hoe lyk dit my Ma het my nie hier verwag nie?"

"Nee", sê sy, "dis nie dit nie ..." en tersyde aan 'n verbygaande engel: "Ag bring tog vir Niklaas 'n glasie gemmerbier. Die arme kind is dood van die dors."

So, al julle ongelowiges en Fariseërs, wat nooit wou glo nie — nou weet julle alles. Moenie sê ek het julle nie gewaarsku nie.

# DIVERSE VERSE

### BIEDOUW 21 Junie (1978)

*Op die kortste dag*
*het ek geklim*
*agter die son aan*
*En naby was die kim*
*wat glim teen die bleek lug*
*gebroke rooi*

*Maar by die rand*
*was slegs die wand*
*van nog 'n lies*
*en oorkant weer die draketande*

*Toe't ek omgedraai*
*om na die son te kyk*
*teen die ver hange duskant*
*Om 'n stil mooi plek te vind*
*waar ek kon dink*
*oor die onrus wat nooit regtig swyg*

*En in my keel*
*het die angs geswel*
*dat God die wonderwoord sou*
*spreek*
*om hierdie see*
*wat gestol het*
*en 'n ewige sekonde huiwer*
*na die skeppingsdrif gestort het*
*te laat rol*

### RAT RACE

*Gaan jy wen lafaard*
*brak van die grootbaas*

*Toe ek dit hoor*
*het ek my smaak verloor*

*en geweet jou sege is hol*

*Jy sal daar sit*
*met jou dogmatiese impotensie*
*en die halfklaar digter in jou*

*En my bly vrees*
*my geroeste pen*
*ek gaan wen*
*lafaard*

### KAMERAAD

*Ek het na jou gesoek*
*in die bankies*
*en kleinspeeltyd*
*En middae*
*by die motorwrak in die sloot*
*het ek eensaam gewag en gespeel*
*jy is my lotgenoot*

*Jy het toe 'n naam gehad*
*en 'n gesig –*
*nie een wat bly nie –*
*Eers later sou ek helder weet*
*na baie wykende simbole*
*jy is my lewensleed*

### PARKINSONS (1979)

*Ek het my balans verloor*
*die ritme*
*die sleutel om die woorde*
*te laat rol*
*daar is 'n dwang*
*wat sin met goedkoop rym vervang*

*My hande bewe*
*die sinne stotter uit my pen*
*my ingewande pyn*
*my hart slaan oor*
*vir wie kan ek*
*van hierdie sinnelose hel vertel*

### RYMPIE OOR 'N DOMINEE

Andries Combrink

*Die mense dink hy preek te hoog*
*Die mense sê hy's slim*
*Sy taal is heeltemal te swaar*
*Sy lewenskennis min*

*Die kennis van die Woord van God*
*Dit is te swaar vir ons*
*Die eise van die Godsgebod*
*Bevark ons kotteljons*

*Hy noem homself 'n Teoloog*
*En al die foute lê by hom*
*Selfs die balk hier in ons oog*
*Het ook van hom gekom*

*Natuurlik is hy net 'n mens*
*met sondige beperking*
*Dalk wens hy net so diep, so hard*
*vir liefde in sy werkkring*

### GEBED VAN 'N DOMINEE

Andries Combrink

*Ag Here leer my preek*
*vir Super-Christen, arm leek*

*Ag Here gee 'n woord vir my*
*wat waar en reg en seker sny*

*Help my hulle nooit te haat*
*die mense wat by my niks baat*

*En om hulle lief te hê*
*wat net so leef soos Jesus sê*

*Ag Here gee u woord in my*
*wat my ook self sal kan bevry*

*En dan met liefde oor kan dra*
*wat U alles van my vra*

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/4 JULIE 1987

# UITVAART EN AANKOMS VAN 'N REGVAARDIGE MAN

IN ALLE ERNS

Nico Steenberg

*Nico Steenberg op sy beste – as hy dood is. Waarvan sou hy so dors geraak het?*

"Broers en susters, vergun my eerstens 'n woord van opregte dank vir die voorreg om hierdie huldeblyk aan ons broer te mag lewer. Sekerlik sou hy self baie van die mooi dinge wat oor hom gesê word wou ontken. Maar gelukkig, of liewer ongelukkig, is hy nou nie in die posisie om dit te kan doen nie.

Om hom te ken, was om hom lief te hê. Hy was 'n imponerende persoonlikheid, 'n man met 'n stem soos fluweel wat die Afrikaanse taal soos musiek laat klink het. Sy talent was sonderling, sy voorkoms 'n bonus. Hy was ... hoe sal ek sê? – weergaloos. Hy gaan klassifisering te bowe. Dus kan hy net in terme van homself beoordeel word: 'n man van gemoedelike menslikheid en landelike nederigheid, maar met 'n vlymskerp intellek wat paradoksale uiterstes kon versoen in die sintese van 'n milde humor. Nooit egter het sy verstand na sy kop toe gegaan nie. (Enkele glimlagte.) Hy was soos Parakelsus, 'n draer van die Onsigbare Kroon; 'n man van ireniese disposisie maar ook vol aardse hebbelikheid. Daar is vroue wat beweer dat sy blote teenwoordigheid hulle tot hoendervleis en so aan beweeg het. ('n Paar vroue pink ongemerk 'n traan weg.)

In hom, broers en susters, het twee wêrelde saamgevloei: 'n ou-wêreldse charisma en 'n sekulêre wêreldwysheid. Hy was – as ek dit mag stel in die pragtige Latynse taal waarvoor hy so lief was: 'idem vir fortissimus idem orator eloquentissimus cum vera animi magnitudo' – tegelyk 'n besonder dapper man en 'n uiters welsprekende redenaar met ware grootheid van gees ..."

Só het my beste vriend, ou Manie, gelieg op my begrafnis. Alles skaamtelose leuens. Ja, want ek is mos dood. Het julle nie geweet nie? Nee, genuine. Gaan kyk op Adelaide in die munisipale begraafplaas, plot nommer DM. 70 as julle my nie glo nie. Ek wou altyd tussen my familie wat al heengegaan het begrawe word, sodat ek die dag met die Opstanding nie tussen 'n spul vreemde mense ontwaak nie.

Want ek het my mos gelê en doodbloei. Daar was net die geweldige slag, 'n verblindende flits van pyn, skroeiend soos 'n witwarm sweisvlam. Terwyl die helderrooi bloed uit die gapende wond geklop het, het die lewe in klein golfies uit my uitgevloei. Ek onthou nog pas voor die einde het die woorde van 'n digter vaagweg by my opgekom: hier waar jy lê, sal skape wei ... Toe was daar die warreling van die son in my oë wat breek tot 'n sagte lig. Skielik was daar in my 'n onbeskryflike liefde en mededoë. Ek het afgekyk en die erbarmlike liggaam innig jammer gekry maar ek kon niks doen nie, want die huistoegaan was daar.

Om my, baarmoederlik, was 'n sagte warm gevoel, volmaakte veiligheid, maar ook geleide(like) beweging – ek was besig om deur die poort van die dood gebore te word tot die ewige lewe. Soos in 'n ligroos kokon het ek gestyg, sag soos 'n sel in die bloedstroom van 'n kosmiese aar het ek gevloei, geweldig vinnig, maar rustig; vinniger as lig, maar stil; deur wolkedonkerte, lig, verdiepings sterre; deur 'n nag hoe swart hoe dig voer Hy my in eewge lig. Flitsende beelde het verbygekom; ek as baba sogend aan die moederbors, as klein seuntjie op 'n kruiwa langs 'n vrag doringhout, 'n gladde seunsliggaam nat van rivierwater, troudag, langs die graf van my moeder, verkondiger van die goeie boodskap, omring soos Job op sy oudag deur pragtige dogters – fotobeelde van 'n geleefde tyd. Duisend jaar is soos een dag as dit verbygaan, en een dag soos duisend jaar.

Vér in die verte swaar brons Belgiese kokke wat bonsend beier, klank wat met sagte golwings oor glooiings van heuwels naderkom, of is dit ék wat naderkom? Sang soos 'n Walliese massakoor, en die bom van Donse Kosakke. Swaar orrelmusiek, viool, trompet: Kom tuuiis, almal wat moeg is kom tuis, o sondaar kom tuis ... Hoor ek vir Jussi Björling redivivus verweg A – de-la – i – de! van Beethoven sing? Adelaide was nog altyd my idee van die hemel.

**Na bl. 26**